GREY KOLLEGE



GEDRAGSKODE

en

DISSIPLINÊRE PROSEDURES

INHOUDSOPGAWE

1. GREY COLLEGE VISIE- EN MISSIESTELLING 3

DEEL 1 4

2. GEDRAGSKODE **4**
INLEIDING EN DOELWITTE 4
RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN ONDERWYSERS 4
RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN OUERS 6
RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN LEERDERS 6
PROFIEL VAN 'N GREY HEER 6

DEEL 2 7

3. ALGEMENE SKOOLREËLS **7**

3.1 OFFISIËLE SKOOLURE 7
3.2 SKOOLKAMPUS 7
3.3 SKOOLDRAG 8
3.4 DIE VOORKOMS VAN GREY-LEERDERS 9
3.5 TEGEMOETKOMING VIR GODSDIENSTIGE- EN KULTURELE REGTE 9
3.6 GEDRAG 10
3.7 STIPTELIKHEID 11
3.8 RONDBEWEEG DEUR LEERDERS 11
3.9 BOODSKAPPE 11
3.10 AFWESIGHEID 11
3.11 SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE 11
3.12 AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE 12
3.13 AFWESIGHEID VANAF SKOOL WEENS SPESIALE GELEENTHEDE 12
3.14 MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE 12
3.15 AKADEMIESE BELEID EN -REËLS 12
3.16 AANVAARBARE REKENAARBELEID 14
3.17 SPORTBELEID EN -REËLS 15
3.18 DIE ROLLE VAN PREFEKTE EN SKOOLLEIERS 16
3.19 SKOOLKENNISGEWINGS 16
3.20 BELEIDSVERKLARING OOR BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID 16
3.21 OMGEWING 16
3.22 AANSOEKERS EN WYSIGINGS 17
3.23 VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE 17

DEEL 3 ..... **18**

4. DISSIPLINÊRE KODE **18**

4.1 DISSIPLINÊRE PROSEDURES 18
4.2 HERSIENINGS-/APPÈLPROSES 21
4.3 KOLLEKTIEWE DISSIPLINÊRE OPTREDE 22

5. WANGEDRAGSRIGLYNE **22**

5.1 VLAK 1 – GERINGE OORTREDINGS 22
5.2 VLAK 2 – INTERMEDIÊRE/ERNSTIGE OORTREDINGS 24
5.3 VLAK 3 – BAIE ERNSTIGE WANGEDRAG 25
5.4 SKORSING- EN/OF UITSETTINGPROSEDURES 26
5.5 DISSIPLINÊRE OORTREDINGS EN AANBEVOLE SANKSIES 27
5.6 NOTAS EN PROSEDURELE WAARBORGE 36

ERKENNING VAN DIE GEDRAGSKODE **37**

AANHEF

Hierdie dokument is die gedragskode van Grey Kollege soos die Beheerliggaam dit goedgekeur het op 7 September 2026. Die Beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en pas alle wetgewing toe op alle Grey Kollege leerders.

1. GREY KOLLEGE VISIE- EN MISSIESTELLING

Visie

Om ‘n blywende nalatenskap regoor generasies te bou deur om een van die topskole in Suid-Afrika te bly en leerders te versterk deur holistiese ontwikkeling en ‘n koersvaste dryf vir uitnemendheid.

Missiestelling

Grey Kollege streef daarna om ‘n versorgende en dinamiese omgewing te verskaf wat holistiese groei bevorder — akademies, kultureel en emosioneel. Ons verskuif aanhoudend die grense om ons leerders toe te rus met die vaardighede, waardes en aanpasbaarheid wat benodig word om in en buite Suid-Afrika van hulself ‘n sukses te maak.

Hierdie opvoedkundige ideaal benodig opvoedkundig regverdigbare parallelmedium opvoeding in beide Engels en Afrikaans; uitmuntendheid in leierskap en bestuur; proaktiewe kommunikasie en samewerking met alle belanghebbendes; ‘n toewyding aan ‘n gemene waardestelsel insluitend respek vir die individu, uitnemendheid, lojaliteit aan die tradisies van Grey Kollege, respek vir die omgewing en etiese waardes.

Waardes

- Broederskap
- Hardwerkendheid
- Integriteit
- Lojaliteit
- Respek
- Selfdissiplinne
- Verantwoordelikheid

DEEL 1

2. GEDRAGSKODE

2.1 INLEIDING EN DOELWITTE

Grey Kollege het ‘n ryk en trotse tradisie waarin die Skool en Grey-seuns ‘n gestruktureerde gemeenskap is en altyd daarna strewe om op te tree op ‘n manier wat bydra tot ‘n kultuur van prestasie, uitnemendheid en die vestiging van ‘n gemeenskap van mense wie omgee. Teen hierdie agtergrond is self-dissipline van uiterste belang. Dit dien as die hoeksteen van alles waarna ons strewe: om ons Grey-leerders toe te rus as leiers en goed gebalanseerde, ingeligte en verantwoordelike lede van die samelewing in ‘n dinamiese en multi-kulturele wêreld.

‘n Optimale leeromgewing benodig wel ‘n stabiele, gebalanseerde, gedissiplineerde en betroubare omgewing wat ondersteun word deur ‘n eweneens hoë standaard van etiek en goeie gedrag gebaseer op etiese waardes en die Konstitusie van Suid-Afrika.

Om hierdie optimale leeromgewing te bereik, word ‘n sekere standaard van gedrag verwag vanaf die Ouers/Voogde, onderwysers en die leerders. Om hierdie gesonde leeromgewing te handhaaf, is dit noodsaaklik dat die partye van die opvoedingsverhouding hul onderskeie verantwoordelikhede erken en hulself daarvolgens gedra.

Hierdie Gedragskode onderskryf nie net die Skool se missiestelling nie, maar beoog ook om ‘n raamwerk te vestig vir ordelike en doelgerigte opvoeding met die voordeel van genot en gemeenskap van eweknieë. Dit beklemtoon ook die standaarde van gedrag wat verwag word van alle Ouers/Voogde, onderwysers en leerders by die Skool en moedig die voorgenoemde self-gedissiplineerde benadering aan, eerder as ‘n bestraffende benadering wat op vrees staatmaak. Dissiplinering moet opvoedkundig wees.

Daar moet egter ook kennis geneem word dat die Gedragskode wel ook van toepassing mag wees op leerders buite normale skoolure, asook plekke buite die skoolterrein, indien ‘n leerder se gedrag die Skool in ‘n slegte lig stel of enige leerder/onderwyser verhouding negatief beïnvloed.

Grey Kollege se ryk tradisies en goeie naam is beide belangrike komponente in die versekering van leerders se trots in die institusie, asook die vooruitgang van die Skool se sukses van een generasie na die volgende; dus, ag die Skool elke leerder se individuele bydra en gedrag as belangrik vir die skoolomgewing en -toekoms.

Die Beheerliggaam en die Skool het ‘n wettige verpligting om ‘n gesonde omgewing te onderhou en om die regte van alle leerders en onderwysers te beskerm deur middel van ‘n harmonieuse en nederige verhouding tussen onderwysers, leerders en Ouers/Voogde waarin ‘n wedersydse respek kan bestaan. Samewerking en vertroue is integrale deugde vir ‘n suksesvolle leerproses en ‘n bevorderlike omgewing.

Daar word ook van leerders en hul Ouers/Voogde verwag om hulself met hierdie dokument vertroud te maak, asook die bepalings wat sonder uitsondering van toepassing is tot alle leerders. Leerders en hul Ouers/Voogde moet ook daarop let dat verblyf of koshuise op die Skoolkampus bestuur word deur ‘n unieke en aparte gedragskode in samewerking met hierdie Gedragskode.

2.2 RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN ONDERWYSERS

2.2.1 Klaskamerverwant:

- Skep 'n positiewe leeromgewing waarin leerders kan ontwikkel en groei binne duidelike grense en met die nodige dissipline.

- Wees stiptelik (arriveer betyds); gaan in, groet en doen die daaglikse klas administrasie, soos om afwesigheid te rapporteer.
- Leerders moet met die nodige kennis geleer word volgens die voorgeskrewe CAPS-dokument.
- Wees altyd goed voorbereid vir alle lesse; struktureer lesse vir optimale tydsbestuur.
- Mag nie die klaskamer voor die einde van die periode verlaat nie en moet nie aan leerders toestemming verleen om die klaskamer vroeër te verlaat nie.
- Wees ten alle tye professioneel gekleë. Onderwysers moet nie reëls in verband hiermee benodig nie.
- Verseker dat taalgebruik respekvol en voorbeeldig vir leerders is. Onwelvoeglike taal en vloekery
- word nie toegelaat nie.
- Vermy onnodige gebruik van selfone in die klas; selfone mag slegs in noodgevalle gebruik word.
- Handhaaf ‘n hoë standaard van assessering en terugvoer. Verseker dat alle toetse en take binne die gestipuleerde tydperk gemerk word en verskaf nuttige terugvoer en korrigering.
- Verseker professionele ontwikkeling in vakgebied – woon alle moontlike werkswinkels by en raadpleeg gereeld kollegas. Moet nie huiwer om van innoverende metodes gebruik te maak indien dit verbetering bevorder nie.
- Bevorder 'n gesonde en produktiewe omgewing deur effektiewe, konstruktiewe en positiewe samewerking met alle belanghebbendes van die skool.
- Maak optimale gebruik van hulpbronne wat deur die Skool toeganklik gemaak word om sodoende optimale leerderbetrokkenheid te verseker.
- Behou voortdurende kommunikasie met die ouers van leerders wat akademies swaarkry of swak gedrag toon. Maak afsprake om die ouers te ontmoet voordat die probleem onoorbrugbaar word.
- Onderwysers word sterk aangemoedig om hulself nie in ‘n posisie te plaas waarin hulle hulself alleen met ‘n leerder in ‘n klaskamer bevind nie.

2.2.2 Buitemuurse aktiwiteite:

- Skep ‘n positiewe omgewing buite die klaskamer waar leerders fisies en verstandelik ontwikkel met die nodige dissipline.
- Handhaaf behoorlike tydsbestuur deur om goed voorbereid te wees vir die aktiwiteit; dit sal effektiwiteit verseker.
- Verseker professionele ontwikkeling in enige aktiwiteit waarby daar betrokkenheid is. Trek op ‘n gepaste manier aan en neem deel aan die aktiwiteit; moet nie passief wees en die aktiwiteit net waarneem nie.
- Verseker effektiewe organisering en administrasie. Hierdie is ‘n uiterse belangrike aspek van buitemuurse aktiwiteite, veral met betrekking tot die samestelling van spanne, deelname aan ligas en/of toernooie.
- Verseker die behoorlike instandhouding van sporttoerusting en fasiliteite. Hierdie items is duur en die onderhoud daarvan is die verantwoordelikheid van die afrigter/onderwyser wie in beheer van die aktiwiteit is.
- Verseker en behou ‘n gesonde vorm van kommunikasie met ouers – wees toeganklik en wanneer nodig moet begrip getoon word.

2.2.3 Professionele gedrag:

- Onderwysers word as ambassadeurs geag en daar word van hulle verwag om hulself ten alle tye op ‘n professionele wyse te handhaaf.
- Groet kollegas – dit is algemene hoflikheid.

- Teken die in- en uitregister in die personeelkamer nadat u toestemming ontvang het vanaf die Skoolhoof om die Skool tydens skoolure te verlaat.
- Moet nie negatiewe kommentaar rakende die Skool op sosiale media plaas nie. Vermy dit om deel te neem aan neerhalende gespreksforums en vermy kwaadwillige geskinder.
- Neem kollegas in ag.
- Verseker die behoorlike instandhouding van skoolfasiliteite.

2.3 RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN OUERS

- Ondersteun die Skool en personeel se pogings om seuns op te voed. Hierby ingesluit is dissiplinering en die redes waarom dissipline gehandhaaf moet word.
- Ondersteun die dissiplinêre strukture en prosedures van die Skool.
- Ondersteun die Skool se pogings om dissipline op ‘n effektiewe en ferm wyse te handhaaf.
- Dra by tot die versekering dat leerders die reëls en regulasies van die Skool gehoorsaam.
- Ondersteun die Skool in enige dissiplinêre maatreëls wat vir oortredings toegepas word.
- Betaal skoolfooie en die verbonde finansiële verpligtinge waar van toepassing tot kinders se onderrig en buitermuurse aktiwiteite.

2.4 RIGLYNE EN VERWAGTINGE VAN LEERDERS

- Volg instruksies wat gegee word deur onderwysers, afrigters, senior leerders en enige ander skoolpersoneel.
- Tree verantwoordelik op en moet nie die veiligheid, welsyn en/of regte van ander in gedrang bring nie.
- Toon respek vir en neem verantwoordelikheid vir die versorging van eiendom wat aan die skool en ander behoort.
- Wees hoflik en respekteer die waardigheid van ander.
- Wees eerlik en handhaaf hulself met integriteit.
- Wees stiptelik en gee gehoor aan die tydsbestuur van die Skool.
- Respekteer die privaatheid en eiendom van ander.
- Neem kennis dat die Skoolhoof en onderwysers, terwyl 'n leerder by die skool is of andersins onder die skool se toesig staan, *in loco parentis* optree en gevolglik die gesag het om in te gryp wanneer 'n leerder hom- of haarself in gevaar stel.
- Om ten volle deel te neem aan ‘n geordende en gedissiplineerde omgewing waar opvoeding voorrang kan geniet, moet die leerder waardeer en verstaan dat die regte van ander leerders, onderwysers, personeellede en die Skool ook insluit.
- Aanvaar geregverdigde dissiplinêre aksie wat teen hul geneem word wanneer dit van toepassing is.

2.5 PROFIEL VAN ‘n GREY HEER

‘n Grey Heer…

- Groet
- Sê “dankie” en “asseblief”.
- Staan op en groet in die teenwoordigheid van ‘n volwassene, beide in en buite die klaskamer.

- Neem trots in sy voorkoms: kyk na sy persoonlike higiëne, skeer, maak sy skoene skoon, verseker dat sy uniform skoon en netjies is, dra nie juweliersware, kosmetiese produkte of ander kledingstukke of bykomstighede nie. Hy toon trots met sy taalgebruik.
- Strooi nie rommel nie, maar tel liewers rommel op.
- Hou badkamerfasiliteite skoon.
- Pas sy eiendom op.
- Respekteer die eiendom van ander.
- Neem deel aan skoolaktiwiteite.
- Is stiptelik vir afsprake, detensie, of enige ander skoolaktiwiteit.
- Steel nie en leen nie sonder toestemming nie.
- Is stiptelik vir klasse, oefeninge en wedstryde/optredes.
- Besoek nie die Tuck Shop of koffiewinkel tydens klastyd nie.
- Luister na interkom afkondigings.
- Respekteer die Skepper, onderwysers, volwassenes, mede-leerders en ander.
- Doen sy huiswerk met ywer.
- Aanvaar verantwoordelikheid en neem aanspreeklikheid vir sy aksies.
- Geen stokkiesdraai (“bunk”) of afsprake tydens skoolure nie.
- Verlaat nie die klas/skoolterrein voordat die klok lui nie.
- Aanvaar sy straf.
- Bied hulp aan onderwysers wanneer dit verlang word.
- Baklei nie met ander nie en pers nie ander af nie.
- Staan op teen diegene wat ander intimideer.
- Beskerm nie diegene wat verkeerd optree nie.
- Beskerm en bevorder die goeie naam en beeld van die skool.
- Gebruik nie elektroniese toestelle tydens klas sonder toestemming nie.
- Wen met nederigheid en verloor op ‘n eerbare wyse.
- Behou hoë standaarde vir homself en ander.
- Erken die bydrae van ander.
- Is deel van die Grey Span.

DEEL 2

3. ALGEMENE SKOOLREËLS

3.1 OFFISIËLE SKOOLURE:

3.1.1 Sekondêre Skool

Begin: 07:30 (personeel 07:15).
Eindig: 13:45

3.1.2 Primêre Skool

Begin: 07:15 (personeel: 07:00).
Eindig: 13:30

3.2 SKOOLKAMPUS

3.2.1 Geen Grey-leerder word toegelaat om die skoolkampus tydens skoolure te verlaat sonder die nodige toestemming nie.

3.2.1.1 Ouer(s)/Voog(de) van leerders by die Primêre Skool moet persoonlik teenwoordig wees wanneer 'n leerder uitgeteken word. Toestemming kan 24 uur vooraf by die Skoolhoof verkry word.

3.2.1.2 Ouer(s)/Voog(de) van leerders by die Sekondêre Skool moet minstens 24 uur vooraf per e-pos 'n versoek aan die sekretaresse by Ontvangs rig om toestemming te verkry voordat ‘n leerder die skoolterrein mag verlaat. Die Koshuisvader van ‘n spesifieke koshuis mag aan koshuisseuns toestemming verleen.

3.2.2 Geen balspeletjies word tussen klaskamers en/of naby geboue, voertuie en ander geïdentifiseerde gebiede toegelaat nie.

3.3 SKOOLDRAG

3.3.1. Die voorgeskrewe skooldrag sal gedurende skoolure aangetrek wees, asook tydens ander skoolaktiwiteite, soos deur die Skoolhoof en personeel bepaal word. Skooluniforms en -drag moet altyd skoon en netjies wees. Seuns mag slegs gewone wit onderhemde dra onder hul hemde wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.

3.3.2. Die vereistes vir skooldrag is:

SOMER	**WINTER**
Medium grys langbroeke. Primêre Skoolleerders mag mediumgrys kortbroeke dra.	Medium grys langbroeke met ‘n Grey Kollege skoolbaadjie.
Medium grys langmouhemp met die moue opgerol; die breedte van twee vingers vanaf die elmboog.	Medium grys langmouhemp en ‘n skooltrui mag met of sonder ‘n skoolbaadjie gedra word.
Gewone grys sokkies. Swart leerskoene (gladde leer) met veters (geen insteekskoene nie).	Sport/kultuur-truie mag met ‘n wit hemp gedra word met spesiale geleenthede, maar hoofsaaklik op Saterdae of met interskole.
Grey Kollege das met of sonder ‘n Grey Kollege baadjie.	Wit skooltruie mag alleenlik met wit hemde en ‘n skoolbaadjie gedra word.
Geen serp nie.	Die dra van die amptelike Grey Kollege-serp kan na goeddunke van die Skoolhoof toegelaat word.

3.3.3. Die voorgeskrewe uniform moet by skoolgeleenthede gedra word, selfs na skoolure, sodat Grey-leerders die puik beeld van die Skool kan reflekteer.

3.3.4. Slegs die volle Grey Kollege uniform of offisiële sportdrag mag gedurende sporttoernooie gedra word. Indien ‘n Greyseun as ‘n Grey-leerder geïdentifiseer kan word volgens sy skooldrag, is alle skoolreëls wat van toepassing is tot die leerder op die skoolkampus, ook van toepassing in publiek.

3.3.5. Onder geen omstandighede mag ‘n Grey-leerder sy das losmaak of afhaal nie, hy mag ook nie sy skoene uittrek of die boonste knoop van sy hemp losmaak, terwyl hy sy skooluniform aanhet nie.

3.3.6. Alle mussies en handskoene word verbied. Slegs die amptelike Grey-pet mag met ‘n wit hemp en skoolbaadjie gedra word gedurende ‘n sport- of kulturele geleentheid. Hierdie hoedjies mag nie tydens skoolure gedra word nie.

3.3.7. Geen ander bykomstige kledingstukke mag saam die skooluniform of enige amptelike sportdrag gedra word nie.

3.3.8. Die Skoolhoof en onderwysers mag, op hul diskresie, toestemming gee aan leerders om gewone klere te dra na sekere byeenkomste toe. In so ‘n geval moet die kleredrag netjies en fatsoenlik wees.

3.3.9. Spesifieke kulturele- en sportdasse mag slegs by spesiale geleenthede gedra word, byvoorbeeld interskoolaktiwiteite, en slegs indien die leerder werklik aan sodanige aktiwiteit deelneem.

3.3.10. Akademiese dasse mag met wit hemde en skoolbaadjies gedra word.

3.4 DIE VOORKOMS VAN GREY-LEERDERS

3.4.1. Terwyl ‘n leerder die skooluniform aanhet, of enige deel daarvan op so ‘n manier dat ‘n verbintenis tot die Skool gemaak kan word in die publiek, en/of terwyl ‘n leerder die Skool verteenwoordig as deelnemer, ondersteuner, assistent, toeskouer, of andersins moet leerders weerhou van enige gedrag wat die Skool, onderwysers en personeel, asook sy mede-leerders, in ‘n slegte lig sal stel.

3.4.2. Alle seuns se hare moet voldoen aan die volgende riglyne:

3.4.2.1 Geen onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie.

3.4.2.2 Geen dubbelsnit vir enige leerder van enige kulturele groep word toegelaat nie. Geen Rastalokke of soortgelyke haarstyle wat vereis dat die hare in klein vlegsels gedraai moet word, is toelaatbaar nie.

3.4.2.3 Wanneer die hare gekam word, mag die punte nie enige deel van die ore toemaak nie. Kuiwe mag slegs twee vinger breedtes bo die wenkbroue wees.

3.4.2.4 Agter: Die hare moet van 'n gepaste lengte wees en mag nie aan die kraag raak nie. Geen ondersnyde haarstyle (*undercuts*) sal toegelaat word nie.

3.4.2.5 Bakkebaarde (“side-burns”) mag nie laer as die middel van die oor wees nie en moet kort gehou word.

3.4.2.6 Indien dit ooit gemeet word, mag die hoogte van haarstyle nooit hoër as twee vingers bo die slape wees nie.

3.4.3. Geen bleik, haarkleursel of onnatuurlike haarstrepies word toegelaat nie. Hare moet ten alle tye skoon gewas en netjies gekam wees. Die hare mag nie met haargel of soortgelyke produkte in spitse ("spikes") bo-op die kop gestileer word nie.

3.4.4. Leerders wie se baard en/of snor ontwikkel moet ten alle tye skoon geskeer wees. Voordat ‘n baard vir geloofsdoeleindes uitgegroei word moet toestemming verleen word deur die korrekte toestemmingskanale te volg. (Sien 3.5).

3.4.5. Geen ringe, oorbelle, armbande van enige materiaal, kettings, of enige ander vorm van juweliersware word toegelaat nie. Die enigste uitsondering hierop is mediese armbande.

3.4.6. Indien ‘n Grey-leerder juweliersware dra, sal dit gekonfiskeer word en ‘n kwitansie sal aan die leerder verskaf word. Na aanleiding van die voorgeskrewe reëls, sal die item(s) in ‘n koevert geplaas word en in die skool se kluis gebêre word. Die item sal aan die einde van die kwartaal aan die leerder terugbesorg word.

3.4.7. Geen vorm van liggaamlike kuns (tatoeëermerke) mag sigbaar wees met enige tipe skool- of sportdrag nie. Geen vorm van liggaamlike juweliersware, soos ‘n neus- of tongring, word toegelaat nie.

3.4.8. Geen kosmetiese produkte en/of bykomstighede mag saam met die skooluniform gedra word nie, ongeag of die leerder hom op die skoolterrein of elders bevind.

3.4.9. Leerders mag nie met hul hande in hul sakke staan/loop nie.

3.5. TEGEMOETKOMING VAN GODSDIENSTIGE- EN KULTURE REGTE

Die Beheerliggaam het ‘n hersiene Godsdiensbeleid aanvaar op die 24ste November 2025. Godsdienstige praktyke, gedrag of verpligtinge in verband met kernwaardes en oortuigings van ‘n erkende geloof wat nie ooreenstem met enige reël in hierdie gedragskode nie, sal geakkommodeer word deur ‘n afwyking vanaf hierdie Gedragskode onder die volgende omstandighede:

3.5.1. Die leerder, bygestaan deur die Ouer/Voog, moet aansoek doen om vrystelling van die standaard skoolreëls, indien sodanige reëls met die leerder se godsdienstige regte bots of daarop inbreuk maak.

3.5.2. Hierdie aansoek moet op skrif wees en moet die spesifieke reël(s) identifiseer wat teenstrydig is met die leerder se godsdienstige regte, soos in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika uiteengesit.

3.5.3. Hierdie aansoek moet ‘n regverdige interpretasie behou van watter godsdienstige regte oortree word volgens die leerder, asook ‘n voorstel rakende hoe die reëls gewysig kan word deur die Beheerliggaam om tegemoetkomend teenoor die relevante godsdienstige regte te wees.

3.5.4. Die leerder moet bewyse aanheg dat hy aan die spesifieke geloofsoortuiging behoort en dat die godsdienstige praktyke, reëls en verpligtinge wat in teenstryd is met die Skool se Gedragskode die leerder se ware geloof en oortuigings is.

3.5.5. Die godsdienstige gedrag of praktyk moet wettig wees.

3.5.6. Die Beheerliggaam moet die aansoek oorweeg en, indien hy daarvan oortuig is dat die aansoek ingevolge grondwetlike beginsels geregverdig is, die aansoek binne 14 (veertien) dae skriftelik toestaan.

3.5.7. Vir die Beheerliggaam om ‘n afwyking van die reëls goed te keur, moet die afwyking(s) gebaseer wees op kern oortuigings wat inherent aan die godsdiens is en dit moet verpligtend wees vir die leerder om aan daardie geloofsoortuigings te glo.

3.5.8. Die afwyking moet die vrystelling van die normale reëls spesifiseer. Dit moet ook duidelike gedrag identifiseer wat aanvaar sal word, bv. die dra van ‘n kopdoek, met gespesifiseerde kleure en details van die ontwerp; die dra van ‘n spesifieke haarstyl of juweliersware. Die voorwaarde(s) van so ‘n afwyking sal eie wees aan die individuele leerder.

3.5.9. Kulturele regte sal ook, sonder verwantskap aan 'n bepaalde godsdiens, oorweeg word indien sodanige regte uitgeoefen word deur praktyke of rituele wat van 'n blywende aard is en verpligtend is vir lede van die betrokke kultuurgroep. Hiermee word verwys na gevalle waar die verwydering van kulturele juweliersware of kulturele merke noemenswaardige pyn, ongemak of benadeling vir die leerder kan veroorsaak. Gewoonlik word kulturele regte uitgeoefen deur nie-permanente praktyke tydens gespesifiseerde kulturele byeenkomste. Die leerder sal derhalwe voldoende moet aandui dat die betrokke kulturele reg slegs deur 'n permanente praktyk of handeling uitgeoefen kan word.

3.5.10. Enige aansoek om afwyking vanaf die Gedragskode op grond van kulturele regte moet in skrif wees. Dit sal voldoen aan ‘n soortgelyke proses wat in sub-paragrawe 3.5.1 tot 3.5.8 uitgebeeld word.

3.6 GEDRAG

3.6.1. Daar word van alle skoolleerders verwag as ambassadeurs van die Skool op te tree, in lyn met die Skool se etiekkode. Daar word van elke leerder verwag dat hy ten alle tye goedgemanierd en beleefd teenoor opvoeders, personeel, besoekers, die algemene publiek en mede-leerders sal optree.

3.6.2. Astrantheid en terugpratery sal geensins geduld word nie — hierdie reël is ook van toepassing op die sportveld. Vuilspel sal geensins geduld word nie en sal geag word as ‘n oortreding van ernstige wangedrag soos uiteengesit in hierdie dokument. Daar word van alle leerders verwag om respek te toon en op te staan wanneer ‘n volwassene en/of opvoeder verby loop. Die leerders moet die persoon op ‘n vriendelike en hoflike wyse groet deur sy hand hoog op te lig en oogkontak met die persoon te maak.

3.6.3. Daar word van alle leerders vereis om hulpvaardig te wees teenoor besoekers, ongeag of daar van die leerder verwag word om aanwysings na klaskamers, kantore, ander fasiliteite op kampus, of net oor die algemeen te gee. Indien ‘n leerder nie die besoeker kan help met ‘n spesifieke vraag of

versoek nie, dan word daar van die leerder verwag om die besoeker te vergesel tot by Ontvangs of ‘n personeellid. Vriendelike en respekvolle gedrag teenoor volwassenes, selfs buite normale skoolure of buite die skoolterrein is verpligtend.

3.6.4. Tydens interaksies met mede-leerders word daar van leerders verwag om selfbeheersing, wedersydse respek en verdraagsaamheid te toon. Leerders sal hulself daarvan weerhou om enige aksie te neem wat ander sal beseer, of moontlik skade sal kan doen aan enige ander leerder se fisiese, geestelike of morele welsyn. Enige seksuele of onbetaamlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolgronde, of enige ander plek waar hul as leerders van die Skool geïdentifiseer kan word, is streng verbode.

3.6.5. ‘n Onderwyser by die Skool sal dieselfde regte geniet as Ouers/Voogde rakende die beheer en dissiplinering van die leerder volgens die Gedragskode. Hierdie is beide gedurende skoolure, asook by enige skoolaktiwiteit van toepassing.

3.7 STIPTELIKHEID

Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag.
Wanneer leerders laatkom vir skool, moet hulle ’n skriftelike verskoning van hul Ouers/Voogde verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by Ontvangs aanmeld voordat hulle na hul betrokke klaskamers gaan.

3.8 RONDBEWEEG DEUR LEERDERS

3.8.1. <u>Voor skool:</u>

Leerders moet stiptelik na hul registerklasse beweeg wanneer die klok lui. Geen laatkom sal geduld word nie, en oortreders sal ingevolge die Skool se Gedragskode hanteer word.

3.8.2. <u>Klasse wissel:</u>
Leerders moet vinnig en op ‘n geordende manier beweeg terwyl hulle klasse wissel tussen periodes.. Geen laatkom sal geduld word nie.

3.9 BOODSKAPPE

Boodskappe aan Greys-leerders sal beperk word tot relevante onderwerpe en slegs noodsaaklike kommunikasie.

3.10 AFWESIGHEID

Ouers/Voogde moet die kantoor inlig oor afwesigheid voordat skool amptelik begin (*d.w.s. voor 07:15).*

Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig van die skool af wees, verder onderhewig aan geskrewe toestemming vanaf die Skoolhoof, of sy verteenwoordiger.

Wanneer enige leerder sonder ‘n aanvaarbare verskoning afwesig is, sal dit as stokkiesdraai gesien word, wat streng verbode is. Indien ‘n leerder vir ‘n periode van 3 (drie) dae of langer afwesig is, moet die afwesigheid met ‘n doktersbrief ondersteun word. In die geval van afsterwing of ‘n traumatiese gebeurtenis in die leerder se familie, of ‘n ander rede wat deur die Skoolhoof goedgekeur is, moet geskrewe dokumentasie aan die skool verskaf word.

3.11 SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

Indien ‘n leerder siek word tydens skoolure moet dit aan Ontvangs gerapporteer word deur die relevante vakonderwyser. Die leerder word nie toegelaat om ‘n oproep vanaf sy eie selfoon te maak nie. Toestemming moet by die onderwyser aangevra word om na Ontvangs toe te gaan waar die

sekretaresse die leerder se Ouers/Voogde sal kontak. Die skoolsuster mag onder hierdie omstandighede geraadpleeg word om na die siek leerder se welsyn om te sien, terwyl hy by Ontvangs is. Leerders mag by die Sekondêre of Primêre skool se kantoor opgelaai word (waar van toepassing is) deur sy Ouers/Voogde sodra die leerder uitgeteken word.

3.12 AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Daar sal slegs onder uitsonderlike omstandighede toestemming deur die Skoolhoof verleen word aan leerders om afsprake tydens skoolure te skeduleer. Voordat die leerder die Skool verlaat, moet hy ‘n toestemmingsbrief, wat deur ‘n senior bestuurslid geteken is, inhandig by Ontvangs. Die Ouer/Voog moet die leerder by die kantoor uitteken wanneer hulle hom kom oplaai. Om klasonderbrekings te vermy, word leerders nie oor die interkom geroep nie. Die leerder moet tot minstens 09h00 teenwoordig wees om as aanwesig gemerk te word.

3.13 AFWESIGHEID VANAF SKOOL WEENS SPESIALE GELEENTHEDE

Leerders mag normaalweg nie hulle klaskamers vroeër verlaat of nie bywoon aan die einde van die kwartaal nie. Daar sal wel onder uitsonderlike omstandighede toestemming gegun word aan leerders wie spesiale geleenthede moet bywoon. Toestemming vir hierdie tipe afwesigheid mag alleenlik deur die Skoolhoof gegee word.

In verband met die Sekondêre Skool moet hierdie toestemming formeel aangevra word in skrif en na *permission@gc.co.za* ge-epos word. By die Primêre Skool moet daar direk aan die Skoolhoof ‘n epos gestuur word minstens 24 (vier-en-twintig) uur voor die dag van afwesigheid.

Indien Ouers/Voogde leerders verwyder vanaf die skoolgronde sonder toestemming soos hierbo uiteengesit, sal daar van die Ouers/Voogde vereis word om ‘n afspraak met die Skoolhoof of Adjunkhoof te skeduleer voordat die leerder weer toegelaat word om na die Skool terug te keer.

3.14 MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

3.14.1 Slegs leerders met ‘n geldige bestuurslisensie vir hul motorvoertuig of motorfiets, wie skriftelik aansoek doen by die Adjunkhoof om ‘n motorvoertuig en/of motorfiets as vervoer te gebruik, word op die Skoolkampus toegelaat terwyl hulle self bestuur. Die details (fabrikaat en registrasienommer) van so ‘n voertuig sal ook op die relevante sekuriteitsregister geplaas word.

3.14.2 Daar mag enige tyd van leerders gevra word om bewyse te lewer van ‘n geldige rybewys, asook die bogenoemde toestemming vanaf die Skool om die voertuig te gebruik, wanneer ‘n seun die Skoolkampus binnekom of verlaat.

3.14.3 Die Skoolhoof geniet die reg om enige toestemming in hierdie opsig terug te trek deur sy eie diskresie. ‘n Geldige ingangsplakker sal verskaf word met elke suksesvolle aansoek. Aansoekvorms is beskikbaar by Ontvangs en/of die Hoof van Sekuriteit.

3.14.4 Die spoedgrens van voertuie moet te alle tye op die Skoolkampus moet gerespekteer word. Geen harde musiek mag deur voertuie gespeel word nie en motorfietsryers mag geensins passasiers vervoer nie. Dit is streng verbode om voertuie te bestuur op ‘n wyse wat moontlike risiko’s inhou of moontlike skade kan veroorsaak aan ander leerders op die Skoolkampus, of ander lede van die publiek rondom die Skoolkampus. Leerders sal die verkeersreëls op en rondom skoolgronde respekteer. Parkering van alle motorvoertuie en motorfietse is op eie risiko op en rondom die skoolgronde. Geen vierwielmotorfietse word op die skoolgronde toegelaat nie. Koshuisseuns moet by hul Koshuisvaders toestemming kry om ‘n motorvoertuig of -fiets by die koshuis te parkeer.

3.15 AKADEMIESE BELEID EN -REËLS

3.15.1 Alle klasse moet bygewoon word.

3.15.2 Leerders moet stiptelik wees vir alle klasse.

3.15.3 Leerders word nie toegelaat om klasse vroeër te verlaat nie.

3.15.4 Leerders moet die integriteit van die spasie en eiendom respekteer.

3.15.5 Vandalisme, insluitend die vandalisme van plakkate en lessenaars ens., is streng verbode.

3.15.6 Huiswerktake en aktiwiteite moet ‘n sekere vlak van toewyding aandui.

3.15.7 Leerders moet netjies lyk en ten alle tye reg gekleë wees. Daar sal daagliks gedurende registerperiodes inspeksie gedoen word.

3.15.8 Onbeskoftheid, opsetlike klasonderbrekings en disrespek teenoor onderwysers word as ernstige oortredings geag en kan lei na die verwydering van leerders uit die klaskamer uit. Oortredings van hierdie aard mag ook meer ernstige strawwe vereis, soosin die skool se Gedragskode gestipuleer.

Toetse en eksamens:

3.15.9 Leerders is genoodsaak om deel te neem aan die toetse en eksamens wat opvoeders vereis. Daar sal slegs onder uitsonderlike omstandighede vrystelling aan hierdie reël gegee word, waar die Ouers/Voogde van die leerder, ‘n gedetailleerde, geskrewe verduideliking op die vroegste moontlike geleentheid aan die Skoolhoof verskaf.

3.15.10 Leerders sal hulself weerhou van enige oneerlikheid gedurende toetse of eksamens.

3.15.11 Beleid rakende leerders wat eksamens mis sal toegepas word.

Gedurende kwartaal assesserings:

3.15.12 Leerders sal nie ‘n amptelike skoolrapport aan die einde van die kwartaal ontvang nie, maar ‘n akademiese vorderingsverslag sal aan alle leerders gegee word.

3.15.13 Leerders wie assesserings misloop, sonder toestemming vanaf die Skool, sal nul ontvang op die akademiese vorderingsverslag vir enige assessering wat nie geskryf is nie.

3.15.14 Leerders wie, met toestemming vanaf die Skool, ‘n assessering misloop weens die verteenwoordiging van die Skool, provinsie of land in ‘n sport-of kulturele aktiwiteit wat as ‘n amptelike deel van die skoolprogram erken word, sal afwesig gemerk word vir die relevante assessering.

3.15.15 Leerders wie, met toestemming vanaf die Skool, nie ‘n assessering kan bywoon nie weens die verteenwoordiging van die Skool, provinsie of land in ‘n sport- of kulturele aktiwiteit wat *nie* as ‘n amptelike deel van die skoolprogram erken word *nie*, sal afwesig gemerk word vir die relevante assessering, indien relevante en amptelike dokumentasie van die aktiwiteit aan die Skool verskaf word.

3.15.16 Indien ‘n leerder weens siekte ‘n assessering misloop en ‘n mediese sertifikaat as bewys kan verskaf, sal hy afwesig gemerk word vir enige assesserings wat nie geskryf is nie.

3.15.17 Leerders wie assesserings misloop, maar wie se Ouers/Voogde ‘n gedetailleerde en aanvaarbare verskoning aan die Skoolhoof in skrif kan verskaf, sal afwesig gemerk word vir assesserings wat nie geskryf is nie.

3.15.18 Leerders wie assesserings misloop weens siekte, maar nie ‘n mediese sertifikaat kan verskaf nie, of leerders wie se Ouers/Voogde nie ‘n gedetailleerde en aanvaarbare verduideliking aan die Skoolhoof in skrif kan verskaf nie, sal nul kry vir assesserings wat nie geskryf is nie.

3.15.19 *Geen* assessering sal voor die amptelike datum, soos op die amptelike toetsrooster aangedui, geskryf word nie.

3.15.20 Leerders sal slegs toegelaat word om assesserings vroeër te skryf as die amptelike datum indien hulle deelneem aan ‘n amptelike skoolaktiwiteit of -toer. Ander uitsonderings sal insluit: in geval van ernstige siekte in ‘n familie of om begrafnisse by te woon. *Geen* toestemming sal aan leerders gegee

word om vroeër met vakansie te gaan nie. Amptelike dokumentasie moet aan die Skoolhoof verskaf word voordat so ‘n versoek oorweeg sal word.

Gedurende amptelike eksamens:

3.15.21 Leerders sal ‘n amptelike skoolrapport ontvang aan die einde van die kwartaal.

3.15.22 Die volgende kriteria sal gebruik word rakende leerders wie eksamens misloop:

i. Leerders wie eksamens misloop sonder toestemming vanaf die Skool sal nul ontvang op hul skoolrapport vir enige eksamen wat nie geskryf is nie.

ii. Leerders wie afwesig is gedurende ‘n eksamen en geen mediese sertifikaat kan verskaf nie, sal nul ontvang op hul skoolrapport vir enige eksamen wat nie geskryf is nie.

iii. Leerders wie afwesig is gedurende ‘n eksamen en geen gedetailleerde en aanvaarbare verduideliking vanaf hul Ouers/Voogde kan verskaf nie, sal nul ontvang op hul skoolrapport vir enige eksamens wat nie geskryf is nie.

iv. Leerders wie, met toestemming vanaf die Skool, nie ‘n eksamen kan bywoon nie, as gevolg van die verteenwoordiging van die Skool, provinsie of land in ‘n sport- of kulturele aktiwiteit wat as ‘n amptelike deel van die skoolprogram erken word, sal ‘n kwartaalpunt ontvang vir die relevante eksamen, indien amptelike dokumentasie aan die Skool verskaf word.

v. Indien ‘n leerder weens siekte ‘n eksamen misloop en ‘n mediese sertifikaat as bewys kan verskaf, sal die leerder afwesig gemerk word vir enige eksamens wat nie geskryf is nie.

vi. Leerders wie met toestemming vanaf die Skool, nie ‘n eksamen kan bywoon nie, as gevolg van die verteenwoordiging van die Skool, provinsie of land in ‘n sport- of kulturele aktiwiteit wat *nie* as ‘n amptelike deel van die skoolprogram erken word *nie*, sal afwesig gemerk word vir die relevante eksamen, indien amptelike dokumentasie aan die Skool verskaf word.

vii. Leerders wat assesserings misloop, maar wie se Ouers/Voogde ‘n gedetailleerde en aanvaarbare verskoning aan die Skoolhoof in skrif verskaf, sal afwesig gemerk word vir eksamens wat nie geskryf is nie.

viii. Leerders wie slegs ‘n gedeelte van ‘n eksamenvraestel skryf of net ‘n deel van die eksamen skryf (d.w.s. Wiskunde 1, maar nie Wiskunde 2 nie) sal ‘n onvolledig ontvang op hul skoolrapport.

ix. Leerders sal slegs toegelaat word om ’n eksamenvraestel vóór die geskeduleerde tyd soos op die amptelike eksamenrooster aangedui, af te lê indien hulle aan ’n amptelike aktiwiteit of -toer deelneem, of in uitsonderlike omstandighede. ’n Vraestel mag slegs vroeër geskryf word indien die skryftyd met die amptelike eksamentydperk oorvleuel. Amptelike dokumentasie ter stawing moet vooraf aan die Skoolhoof voorgelê word voordat enige sodanige versoek oorweeg sal word.

3.16 AANVAARBARE REKENAARBELEID

3.16.1 Die Skool het ‘n gevestigde internetnetwerk wat leerders toegang tot die Wêreldwye web (WWW) en die vermoë om via elektroniese pos te kommunikeer.

3.16.2 Die toegang tot die internet is uitsluitlik vir opvoedkundige redes gevestig.

3.16.3 Enige gebruike van die rekenaar of internet wat leerders se veiligheid in gevaar stel is onaanvaarbaar. Sulke gedrag sluit in enige onwettige aksies, onvanpaste taalgebruik, die oortreding van ander leerders se privaatheid, misbruik van die sisteem se beperkte bronne, plagiaat of kopiereg oortredings, asook toegang tot onvanpaste materiaal.

3.16.4 Leerders mag geensins die skool se netwerk gebruik vir kommersiële transaksies nie.

3.16.5 Leerders moet bewus wees dat hul internetverbruik en elektroniese kommunikasie moontlik gemonitor kan word. Die Skool behou volle outoriteit om lukraak ondersoeke in te stel, of om toegang tot elektroniese toestelle en kommunikasie te verkry om leerders se integriteit rakende hul toegang tot en/of gebruik van die netwerk te bevestig. Gedrag moet in lyn wees met die toepassingsbeleid van internetgebruik; die beleid mag ook aangepas word.

3.16.6 Ondersoek kan ingestel word rakende misbruik van die skoolnetwerk en kommunikasie-sisteem na aanleiding van ‘n klag vanaf iemand buite die Skool.

3.17 SPORTBELEID EN -REËLS

3.17.1 Deelname aan buitemuurse aktiwiteite is verpligtend by die Skool en daar word van alle leerders verwag om per kwartaal aan een van die sports- of kulturele aktiwiteite wat aangebied word deel te neem. Indien enige leerder nie aan hierdie reël kan voldoen nie, is die sodanige leerder en sy Ouers/Voogde verplig om formeel by die Skoolhoof aansoek te doen vir vrystelling vanaf die reël. Die aansoek sal op meriete oorweeg word met die Skoolhoof se diskresie.

3.17.2 Leerders word ook verwag om minstens twee keer per week sportoefeninge by te woon, asook om aan sportwedstryde op normale wedstryddae deel te neem. Leerders wat gekies is om die Skool in hierdie gekose aktiwiteit te verteenwoordig, mag slegs van bywoning verskoon word indien die leerder vooraf persoonlik by die afrigter verskoning gemaak het.

3.17.3 Leerders mag nie onwettige middels of alkohol gebruik, besit of onder die invloed daarvan wees terwyl hulle onder die Skool se jurisdiksie is, aan ’n skoolaktiwiteit deelneem of die Skool verteenwoordig nie. Gedrag wat die gebruik van onwettige middels of alkohol buite die Skool se jurisdiksie insluit en wat die Skool, sy leerders of personeel in diskrediet bring, kan ook tot dissiplinêre optrede lei. Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing, mag geen individu onder die ouderdom van 18 alkohol koop, besit of gebruik nie.

3.17.4 Oortredings van enige van die bogenoemde voorvalle van swak sportmanskap sal na die skool se Dissiplinêre Komitee vir Sport verwys word waar ondersoek ingestel sal word rakende die voorval. Indien ’n leerder skuldig bevind word, sal die nodige en toepaslike strawwe gegee word.

3.17.5 Alle leerders moet die korrekte kleredrag by oefeninge en wedstryde dra. Slegs amptelike sportklere mag gedra word. Dié klere moet netjies en skoon wees, aangesien alle leerders ’n direkte weerspieëling van die Skool is.

3.17.6 Alle leerders moet stiptelik by oefeninge en wedstryde/optredes wees.

3.17.7 Leerders wat na en van wegwedstryde reis met ‘n radius groter as 500 kilometer, mag óf in volledige skooluniform óf in ’n volledige skoolsweetpak, met sportskoene en sokkies reis. Sandale/plakkies is onaanvaarbaar. Enige leerder wat die verkeerde kleredrag aanhet, kan die voorreg verbeur om saam met sy span te reis. Vir enige wedstryde binne ’n radius van 500 kilometer is die volledige skooluniform verpligtend.

3.17.8 Geen leerder mag die wedstrydterrein verlaat sonder die toestemming van die personeellid wat verantwoordelik is vir die span nie. Busse mag nie vertrek sonder dat ’n personeellid teenwoordig is nie.

3.17.9 Geen leerder mag ooit, hetsy dit op die veld of van die veld af is, optree op so ‘n manier wat die Skool se naam in ‘n slegte lig sal stel nie.

3.17.10 Buiten die verpligting om aan die bepalings van hierdie Gedragskode te voldoen, moet alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, hulle ook weerhou van enige ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig aanhitsende of onsedelike gedrag. Geen leerder wat as toeskouer of ondersteuner optree, mag negatief reageer op of neerhalende opmerkings maak oor enige beslissing van ’n beoordelaar of skeidsregter nie.

3.17.11 Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, moet alle instruksies en/of opdragte wat gegee is deur die Skoolhoof, ‘n opvoeder, lid van die prefekte/VRL nakom en gehoorsaam. Instruksies en/of opdragte kan voor, tydens en/of na die betrokke aktiwiteit gegee word. Ouers wat deur die Skoolhoof aangestel is om te help met vervoer, toesig oor of beheer oor leerders by ‘n aktiwiteit sal dieselfde outoriteit geniet as die ander voorgenoemde leiers.

3.17.12 Die bogenoemde reëls is ook van toepassing aan deelname van enige ander buitemuurse aktiwiteite.

3.17.13 Die gebruik van onwettige middels/alkohol, wanneer dit nie onder ouerlike toesig of binne die jurisdiksie van die Skool plaasvind nie, is streng verbode. Sanksies kan teen sodanige leerders opgelê word, afhangende van die meriete van ’n bepaalde geval, waar daar van mening is dat die verbruik of gebruik van enige middel of alkohol deur ’n leerder die reputasie van die Skool en/of mede-leerders benadeel.

3.17.14 Die Skool se uitgebreide beleid oor sport is op die Skool se webwerf beskikbaar, en dit is die verantwoordelikheid van beide leerders en Ouers/Voogde om hulself te vergewis van die inhoud daarvan, asook die omvang en toepassing daarvan.

3.18 DIE ROL VAN PREFEKTE EN SKOOLLEIERS

Die prefekte en skoolleiers is, in samewerking met die opvoeders en personeellede van die Skool, verantwoordelik vir algemene skooldissipline. Daar word van prefekte en ander skoolleiers verwag om leerders wat oortredings begaan, na die toepaslike dissiplinêre liggame of personeellede van die Skool te verwys. Daarna sal die gepaste prosedures gevolg word. Alle leerders moet enige redelike opdrag van ’n lid van die VRL gehoorsaam, en moet die prefekte en ander skoolleiers ondersteun en samewerking bied in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

3.19 SKOOLKENNISGEWINGS

Dit is verpligtend vir leerders om alle skoolkennisgewings aan hul Ouers/Voogde bekend te maak of aan hulle te oorhandig. Kennisgewings kan deur die Skool, die Skoolhoof of ’n opvoeder van die Skool aan leerders uitgedeel word met die doel dat dit aan Ouers/Voogde gegee moet word. Enige terugvoerstrokies wat deur die Ouers/Voogde voltooi moes word, moet stiptelik aan die registeronderwyser teruggegee word.

3.20 BELEIDSVERKLARING OOR BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID

<u>Die Skool is verplig:</u>

3.20.1 Om ’n kultuur van gesondheid en veiligheid te skep onder alle persone wat op Grey Kollege se kampus woon of die perseel betree.

3.20.2 Om, sover dit realisties uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van werknemers te verseker, asook die beskerming van alle ander persone teen potensiële gevare wat kan ontstaan uit of voortspruit uit enige skool- of nie-skoolverwante aktiwiteite op die Skoolkampus.

3.20.3 Om te verseker dat almal potensiële gevare wat inherent is aan die werk wat verrig word te verken, sodat die voorsorgmaatreëls wat betrekking tot sulke gevare vereis verstaan word en dat hulle van die nodige inligting, opleiding, onderrig en toesig voorsien word om ’n veilige werksomgewing te handhaaf.

3.20.4 Om proaktief te bly deur alle onhigiëniese en onveilige situasies wat tot voorvalle of ontwrigting van werk kan lei, te voorspel, te identifiseer, te evalueer en te beheer.

3.20.5 Om positiewe geestelike, fisiese en sosiale welstand binne die instelling te bevorder.

3.20.6 Om ons doelwitte te bereik deur middel van konsultasie en wedersydse deelname deur bestuur, personeel, leerders, kontrakteurs en besoekers.

3.21 OMGEWING

3.21.1 Leerders het die reg op ’n veilige omgewing en op ’n Skool wat bevorderlik is vir onderrig en opvoeding.

3.21.2 Leerders mag nie rommel strooi op die skoolgronde of in skoolgeboue nie.

3.21.3 Daar word van leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, verwag om die terrein of fasiliteite wat hulle bygewoon het, in ’n netjiese en skoon toestand agter te laat. Hulle moet verseker dat alle rommel opgetel en in vullisdromme weggegooi is.

3.21.4 Leerders moet enige badkamerfasiliteite skoon agterlaat.

3.21.5 Enige optrede of versuiming deur leerders wat ’n gesondheidsrisiko vir ander leerders inhou of kan inhou, moet vermy word.

3.21.6 Die aanbring van slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en soortgelyke materiaal op enige oppervlak by die Skool is streng verbode, tensy die Skoolhoof uitdruklik toestemming gee.

3.21.7 Leerders moet enige redelike opdrag van die Skoolhoof, ’n opvoeder, ’n prefek of ander skoolleier, met betrekking tot die handhawing van ’n skoon en higiëniese skoolomgewing, nakom.

3.22 AANSOEK EN WYSIGINGS

3.22.1 Hierdie skoolreëls is *mutatis mutandis* van toepassing op alle leerders wat in enige van die koshuise, of wonings op en/of buite die Skoolkampus woon. Hierdie reëls kan enige tyd gewysig en hersien word. Die Skoolhoof en toepaslike opvoeders of personeellede het die outoriteit om subreëls te maak en te gee om sodoende die doeltreffende bestuur en bedryf te verseker van enige area binne die skoolterrein, asook van skoolaktiwiteite wat buite die skoolgronde plaasvind.

3.22.2 Indien daar ’n redelike vermoede bestaan dat leerders hierdie Gedragskode of die wette van Suid-Afrika oortree het, is die Skoolhoof van die Skool of enige aangewese opvoeder daarop geregtig om die betrokkke leerder en/of sy eiendom te deursoek. Dit verwys na, maar is nie uitsluitlik, die deursoek vir wapens, vuurwapens, dwelms of ander skadelike- en dwelmmiddels, sowel as gesteelde goedere of pornografiese materiaal wat vermoedelik op die skoolterrein gebring is, insluit. Gedurende hierdie deursoek proses moet die waardigheid van sodanige leerders gerespekteer word. Die proses moet privaat, deur persone van dieselfde geslag en in die teenwoordigheid van ’n ander persoon uitgevoer word. Die deursoek moet ooreenkomstig artikel 8A van die Skolewet geskied. Die deursoek proses en uitslag daarvan moet aangeteken word.

3.22.3 Enige gedrag wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die Skool onbillik benadeel, sal as ’n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.

3.22.4 ‘n Skuldigbevinding aan ’n strafregtelike oortreding in ’n geregshof sal as ’n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word en kan ‘n sanksie van skorsing regverdig, onderhewig aan toepaslike protokolle rakende sulke sanksies soos in hierdie Gedragskode, die Suid-Afrikaanse Skolewet en provinsiale wetgewing uiteengesit.

3.23 VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

3.23.1 Leerders mag ’n skriftelike aansoek by die Skoolhoof en Beheerliggaam indien vir volledige of gedeeltelike vrystelling van een, of meer, van die bepalings soos in die Gedragskode uiteengesit is, op grond van kulturele-, godsdienstige- of mediese redes.

3.23.2 Aansoek van die aard moet volledige redes bevat, asook stawende bewyse. Dit beteken dat die volle bewyslas by die leerder berus om enige aansoek vir vrystelling te staaf.

3.23.3 Aansoeke vir vrystelling sal oorweeg word indien die aansoeker kan bewys dat die aangeleentheid dringend is of deur ’n verandering in omstandighede genoodsaak word.

3.23.4 By die oorweging van ’n aansoek vir vrystelling is die Skoolhoof en Beheerliggaam daarop geregtig om enige inligting te bekom wat hulle as nodig ag vir ’n billike beoordeling van die aansoek.

3.23.5 Die Hoof en Beheerliggaam sal die aansoek vir vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid oorweeg, binne die raamwerk van die Grondwet, toepaslike wetgewing en regspraak. Die leerder sal daarna skriftelik van die besluit in kennis gestel sal word.

DEEL 3

4. DISSIPLINÊRE KODE

4.1. DISSIPLINÊRE PROSEDURES

4.1.1. Algemene benadering

Om te verseker dat Grey Kollege ’n konsekwente en billike benadering tot leerderdissipline handhaaf, het Grey Kollege die volgende Dissiplinêre Prosedures vir Leerders ontwikkel, wat gebaseer is op die Prosedures en Gedragskode: Leerderdissipline soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996. Hierdie Dissiplinêre Prosedures mag slegs skriftelik deur beide die Skoolhoofde van Grey Kollege en die Skoolbeheerliggaam gewysig word.

Alhoewel dissipline daarop gemik is om onvanpaste gedrag reg te stel, word positiewe erkenning en beloning erken as die eerste stap om volgehoue aanvaarbare gedrag aan te moedig en potensiaal te verwesenlik. Grey Kollege ondersteun ten volle die beginsels van billike dissiplinering en die konsekwente toepassing van toepaslike en regstellende dissiplinêre- en herstelmaatreëls, waar nodig.

Indien enige leerder nie aan die verwagte gedragsnorme voldoen nie, sal regstellende aksies deur die Skoolhoof, opvoeders of die Beheerliggaam ingestel word, soos hierin uiteengesit. Regstellende aksies mag die toepassing van formele dissiplinêre maatreëls insluit, asook enige formele stappe wat geneem word om verdere gevalle van onaanvaarbare gedrag te voorkom of om die verhouding tussen die opvoeder en leerder te herstel. Die betrokke opvoeder(s), departementshoofde of hul gedelegeerdes, is daarop geregtig om optrede toe te pas wat hulle as toepaslik en billik beskou in ‘n gegewe geval, binne die riglyne wat hierin verskyn.

Hierdie Gedragskode en Dissiplinêre Prosedures is nie bedoel om ’n omvattende riglyn te wees van alle gedrag en/of reëls waaraan ’n leerder moet voldoen nie of van die stappe wat gevolg moet word om alle dissipline verwante aangeleenthede te hanteer nie. Dit is eerder ten doel om die fundamentele waardes en beginsels aan te dui waarvolgens daar van leerders verwag word om hulself te gedra, asook om ’n raamwerk te verskaf waarbinne regstellende optrede en dissipline doeltreffend deur die Skool geïmplementeer kan word.

Die leerder en Ouers/Voogde aanvaar dat ’n bepaalde sanksie wat na afloop van die dissiplinêre proses opgelê word, wettig, billik, finaal en bindend is, asook ’n noodsaaklike gevolg van die oortreding van ’n Grey Kollege-reël is. Alle betrokke partye word aangemoedig om hulle te weerhou van dreigemente, magsmisbruik, partydigheid of interpersoonlike probleme wat die gesag van die dissiplinêre proses, of die atmosfeer van gelykheid, behoorlike regsproses en billikheid kan benadeel.

4.1.2. Oortredings

Verskeie tipes hantering wat verband hou met dissiplinêre wangedrag of oortredings, asook die aanbevole sanksies wat op die wangedrag of oortredings van toepassing is, word in Vlak 1-, Vlak 2- en Vlak 3-oortredings gekategoriseer, soos hieronder uiteengesit.

4.1.3. Dissiplinêre aksie

Verskeie vorme van informele en formele dissiplinêre maatreëls kan deur die Skool geïnisieer en/of geïmplementeer word. Die erns van die optrede of sanksie wat opgelê word, sal afhang van die omstandighede, die erns van die oortreding en enige versagtende of verswarende faktore wat van toepassing is.

4.1.4. Informele dissiplinêre aksie

4.1.4.1. Informele dissiplinêre optrede wat deur die Skool toegepas kan word, sluit in, maar is nie beperk tot:

i. Berisping of berading deur ’n opvoeder, die Skoolhoof, skoolberader of lid van die Beheerliggaam;
ii. Verpligte berading, gedrag intervensieprogramme en remediërende ondersteuning vóór of saam met dissiplinêre sanksies;
iii. Detensie (insluitend Saterdae), skriftelike opdragte, of skorsing van Skoolaktiwiteite (intern, ekstern of beide) vir hoogstens 5 (vyf) skooldae; of
iv. ‘n Skooldiensprogram wat deur die skoolleiers of prefekte bestuur word.
(Verwys na die Wangedrag-riglyne wat hierin uiteengesit word vir ’n meer gedetailleerde en chronologiese verduideliking van die tersaaklike oortredings en toepaslike sanksies wat met Vlak 1-oortredings verband hou.)
v. Oortredings wat na die mening van die leerder se verantwoordelike opvoeder nie as ernstig beskou word nie, of wat nie formele dissiplinêre optrede vereis nie, kan direk deur die opvoeder hanteer word sonder die toestemming van die Skoolhoof of Beheerliggaam.
vi. Ouers/Voogde en leerders aanvaar dat nakoming van die opgelegde sanksies by geleentheid ontwrigting en ongerief vir die leerder se gesin kan veroorsaak, maar dat dit dikwels ’n gevolg van opeenvolgende probeerslae van dissiplinering is, en dat daar van die Ouers/Voogde vereis word om tot hierdie proses toe te stem en die Skool daarin te ondersteun.

4.1.5. **Formele dissiplinêre aksie**

4.1.5.1. Formele dissiplinêre aksie, of enige kombinasie daarvan, wat deur die Skool of die Beheerliggaam toegepas kan word, sluit in, maar word nie beperk tot:

i. ’n Aangetekende waarskuwing of die toekenning van strafpunte.
ii. Kontak met Ouers/Voogde en/of onderhoude met Ouers/Voogde, gewoonlik nadat ’n ondersoek deur die Skool afgehandel is.
iii. Ontneem van ’n voorreg of voorregte.
iv. Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom.
v. Gemeenskapsdiens van tot 6 (ses) ure.
vi. Skorsing uit ’n klas of verbod op deelname aan spesifieke aktiwiteite of sport by die Skool deur die Skoolhoof, na afloop van ’n formele dissiplinêre verhoor, onderhewig aan artikel 9(1A) van die SASA.
vii. Skorsing van ’n leerder om die Skool by te woon deur die Skoolbeheerliggaam, na aanleiding van ’n formele beskuldiging van ernstige wangedrag teen ’n leerder met betrekking tot enige van die gelyste vorme van ernstige wangedrag, mits die leerder ’n redelike geleentheid gebied is om vertoë te rig ten opsigte van die beskuldiging(s) wat teen hom ingebring is, voordat sodanige leerder geskors word. Verwys na Artikel 9(a) van die SASA.
viii. Onmiddellike skorsing van ’n leerder om die Skool by te woon deur die Skoolbeheerliggaam indien sodanige leerder van bepaalde handelinge van ernstige wangedrag op die Skoolterrein of tydens ’n Skoolaktiwiteit beskuldig word en formeel deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangekla is. In hierdie omstandighede word geen geleentheid vereis vir die leerder om vertoë te rig nie. Hierdie bepaalde handelinge van ernstige wangedrag word in Artikel 9(b) van die SASA gelys.
ix. Skorsing van ’n leerder deur die Skoolbeheerliggaam as ’n voorsorgmaatreël indien die leerder van bepaalde handelinge van ernstige wangedrag beskuldig word (uitgesonderd dié wat in Artikel 9(b) van die SASA uiteengesit word), waar die Skoolbeheerliggaam redelike gronde het om dit te doen en die leerder ’n redelike geleentheid gebied is om vertoë te rig ten opsigte van die beskuldiging van sodanige ernstige wangedrag. In hierdie gevalle moet daar, by gebrek aan formele aanklagte wat deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens ingestel is of ’n voltooide ondersoek, duidelike bewyse bestaan wat die betrokke leerder met die bepaalde handelinge van ernstige wangedrag verbind, ten einde die Skoolbeheerliggaam te regverdig om ’n voorsorgskorsing te oorweeg.
x. Uitsetting, as ’n laaste uitweg in die geval van baie ernstige wangedrag of herhaalde oortredings, en ooreenkomstig Artikel 1C(b) van die SASA.

4.1.5.2. Waarskuwings/strafpunte wat deur die Skool uitgereik word, moet op leerders se rekords aangeteken word. Afskrifte van waarskuwings/strafpunte wat uitgereik word, sal ook aan die Ouers/Voogde verskaf word. Daar word van Ouers/Voogde vereis om sodanige briewe te

onderteken en aan die Skool terug te besorg as bevestiging of erkenning dat hulle van die oortreding en die sanksies wat daarvolgens opgelê is, in kennis gestel is.

4.1.6. **Dissiplinêre optrede en ondersoek**

4.1.6.1. In die geval van ’n beweerde oortreding deur ’n leerder wat formele dissiplinêre optrede mag vereis, kan die betrokke opvoeder, of verkieslik die betrokke graadhoof van die leerder (soos deur die Skoolhoof aangewys), Ouers/Voogde of mede-leerder(s) die dissiplinêre proses inisieer deur die voorval by ’n lid van die Dissiplinêre Komitee of die Skoolhoof aan te meld.

Die Skoolhoof sal ’n ondersoeker uit die Dissiplinêre Komitee aanwys om die beweerde oortreding te ondersoek. Die verslag of klagte kan deur aanvullende inligting, verklarings of ander relevante getuienis ondersteun word ten einde die feite en omstandighede rondom die beweerde oortreding voldoende toe te lig.

Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie beleid, mag ’n ondersoeker wat ingevolge hierdie bepaling aangewys is, nie as lid van die dissiplinêre verhoorpaneel optree of deelneem aan die oorweging van die feite, beraadslaging of besluitneming rakende die betrokke saak nie. Die Ondersoeker word derhalwe van die dissiplinêre verhoor in sodanige hoedanigheid uitgesluit.

4.1.6.2. Die Ondersoeker sal die ondersoek lei, die klagte formuleer, en die bewyse by die dissiplinêre verhoor aanbied. Hierdie assessering neem gewoonlik die vorm aan van 'n informele ondersoek, wat gewoonlik 'n geleentheid insluit vir 'n leerder om sy saak te stel as reaksie op die beskuldiging/klagte.

4.1.6.3. In gevalle waar die beweerde oortreding(s) moontlik op baie ernstige wangedrag kan neerkom, sal ’n verdere lid van die Dissiplinêre Komitee aangewys word om alle onderhoude wat deur die Ondersoeker gevoer word, by te woon. Sodanige lid moet die Skoolbeheerliggaam onverwyld in kennis stel wanneer ’n klagte van hierdie aard ontvang word, asook van die uitslag van enige ondersoek wat met sodanige klagte of bewering verband hou.

4.1.6.4. Die Skoolhoof kan met die Dissiplinêre Komitee beraadslaag om te besluit oor toepaslike korrektiewe optrede. Die Dissiplinêre Komitee verteenwoordig verskillende perspektiewe en belanghebbende groepe ten einde die mees gebalanseerde beskouing te handhaaf wanneer ’n gepaste sanksie aanbeveel word.

4.1.6.5. Indien dit as gepas geag word, kan ’n onderhoud met die Ouers/Voogde gevoer word.

4.1.6.6. <u>As daar, na die ondersoek:</u>

i. die oortreding bevestig word, maar van so aard is dat dit nie ’n formele dissiplinêre verhoor vereis nie, kan die leerder berading ontvang en kan ’n toepaslike of voorgeskrewe sanksie opgelê word, byvoorbeeld ’n formele waarskuwing of die toekenning van strafpunte; of

ii. die oortreding bevestig word en van ’n ernstige aard is, in welke geval die saak na ’n formele dissiplinêre verhoor verwys sal word of, waar van toepassing, ingevolge Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, hanteer sal word.

4.1.7. **Formele dissiplinêre verhore**

4.1.7.1 Alle herhaalde Vlak 1- en Vlak 2-oortredings in gevalle waar vorige dissiplinêre maatreëls of sanksies nie die verlangde korrektiewe of remediërende uitwerking gehad het nie, asook alle Vlak 3-oortredings, sal vir ’n dissiplinêre verhoor verwys word.

4.1.7.2 Ouers/Voogde van betrokke leerders moet skriftelik in kennis gestel word van enige dissiplinêre verhoor wat geskeduleer word. Die kennisgewing moet voldoende besonderhede bevat om te verseker dat die leerder en sy Ouers/Voogde behoorlik ingelig is oor die aard en omvang van die aanklag(te) wat teen die leerder ingebring word, asook die moontlike sanksies wat opgelê kan word indien die leerder skuldig bevind word aan enige of al die aanklagte.

4.1.7.3 Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie beleid, skryf Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), die toepaslike prosedure voor wat die Skoolbeheerliggaam moet volg en toepas ten opsigte van die skorsing van ’n leerder wat van ernstige wangedrag

beskuldig word. Hierdie prosedure is slegs van toepassing op die vorme van ernstige wangedrag soos bedoel in Artikel 9(1)(b) van genoemde Wet.

4.1.7.4 Verteenwoordiging van leerders tydens ’n dissiplinêre verhoor word beperk tot die leerder se Ouers/Voogde, ’n opvoeder, ’n lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), of, by ernstige of komplekse gevalle, ’n regsverteenwoordiger soos beoog in paragraaf 4(iii) van die Vrystaatse Regulasies rakende die dissipline van leerders in openbare skole.

4.1.7.5 Benewens klousule 4.1.7.3, is die Skool gebonde aan die prosedures rakende die voer van dissiplinêre verhore, skorsing en uitsetting, voorwaardes vir skorsing, prosedures na afloop van ’n verhoor, verwysings na die Hoof van Onderwys, asook prosedures vir appèl teen uitsetting, soos uiteengesit in Provinsiale Kennisgewing Nr. 156 van 2001: Regulasies rakende die dissipline van leerders in openbare skole.

4.2. Hersienings-/appèlproses

Die Ouers/Voogde het die reg om binne vyf (5) skooldae na ontvangs van die skriftelike kennisgewing van die Voorsitter se beslissing rakende die uitslag van die dissiplinêre verhoor, ’n aansoek om hersiening van enige formele dissiplinêre sanksie wat opgelê is, in te dien. Sodanige aansoek moet skriftelik geskied en moet die gronde vir die hersiening volledig uiteensit.

Die toestaan van ’n hersiening van die Voorsitter se beslissing gee aan die leerder slegs die reg om die bevinding en/of besluit van die dissiplinêre verhoor te laat hersien en nie om die saak opnuut te laat aanhoor nie.

Die saak sal nie *de novo* aangehoor word nie en geen nuwe inligting, getuienis of voorleggings mag tydens die hersieningsverrigtinge ingevoer word nie. Die hersiening is beperk tot ’n beoordeling van die besluite wat tydens die dissiplinêre verhoor geneem is en word uitsluitlik gegrond op die gronde en motivering soos vervat in die skriftelike aansoek om hersiening.

Tipiese gronde waarop sodanige hersiening aangevra kan word, sluit die volgende in:

a) die dissiplinêre prosedure is nie behoorlik gevolg nie;
b) die bevinding van skuld nie as korrek of billik beskou word nie;
c) die beslissing ten opsigte van die maatreëls of sanksie wat opgelê is, as onvanpas beskou word;
d) versagtende omstandighede nie behoorlik in aanmerking geneem is nie;
e) die Voorsitter van die dissiplinêre verhoor bevooroordeeld was, nie sy/haar oordeel behoorlik toegepas het nie, of ’n subjektiewe beslissing geneem het; of
f) die leerder nie ’n billike geleentheid gehad het om sy saak behoorlik te stel nie.

Indien daar, na oorweging van die versoek om hersiening, besluit word dat ’n hersieningsverhoor geregverdig is, sal die Skool ’n nuwe voorsitter aanwys. Die voorsitter moet óf ’n objektiewe lid van die Skoolbeheerliggaam wees óf ’n geskikte onafhanklike persoon met die nodige kwalifikasies en ervaring. Die voorsitter van die hersieningsverhoor sal verantwoordelik wees vir die leiding en bestuur van die hersieningsproses, asook vir die neem van ’n finale beslissing.

Die hersiening moet, waar moontlik, binne vyf (5) skooldae na ontvangs van die skriftelike motivering vir die hersiening afgehandel word, ooreenkomstig die prosedure soos hierbo uiteengesit.

Indien ’n leerder ingevolge die bevindinge van ’n dissiplinêre verhoor geskors is, sal die indiening van ’n versoek om hersiening geen invloed op die skorsing hê nie, en die skorsing sal van krag bly totdat die hersieningsproses afgehandel is. In die geval waar enige ander formele dissiplinêre sanksie deur die Voorsitter van die dissiplinêre verhoor opgelê is, sal die uitvoering van sodanige sanksie opgeskort word hangende die afhandeling van die hersieningsproses.

Die voltooiing van die Skool se hersieningsproses verteenwoordig die finale fase van die Skool se dissiplinêre verrigtinge en beteken dat alle interne dissiplinêre prosedures en regsmiddele uitgeput is.

4.3. Kollektiewe dissiplinêre optrede

Die dissiplinêre prosedure is hoofsaaklik ontwerp om gevalle van wangedrag of oortredings deur individuele leerders te hanteer. Beweerde wangedrag deur ’n groep leerders wat gesamentlik optree, of waar die oortredings van ’n soortgelyke aard is of op dieselfde doelwit gerig is, word as kollektiewe wangedrag beskou

As algemene beginsel word kollektiewe wangedrag die beste op ’n kollektiewe basis hanteer. ’n Ondersoek na die beweerde wangedrag kan gevolglik met betrekking tot al die betrokke leerders onderneem word, waarna ’n enkele dissiplinêre verhoor vir al die betrokke leerders gehou kan word, met hul Ouers/Voogde teenwoordig.

Dieselfde prosedures soos hierbo voorsien word in 'n kollektiewe situasie gevolg. In 'n kollektiewe dissiplinêre verhoor kan individuele leerders egter steeds die geleentheid kry om te bewys dat hul eie omstandighede anders kan wees as dié van die ander leerders of die betrokke groep.

Die Skool behou, deur sy Dissiplinêre Komitee, die diskresie om te bepaal of beweerde oortredings afsonderlik ten opsigte van individuele leerders ondersoek en hanteer sal word, en of die aangeleentheid op ’n kollektiewe grondslag hanteer sal word.

5. WANGEDRAGSRIGLYNE

Verwys na die riglyne by <u>5.5.</u>

5.1 VLAK 1 – GERINGE OORTREDINGS

5.1.1 Vlak 1-oortredings is geringe oortredings wat hoofsaaklik verband hou met klaskamergedrag en die voorkoms van leerders. Dit word op skoolvlak hanteer deur regstellende maatreëls wat daarop gemik is om orde te herstel, aanspreeklikheid aan te moedig en positiewe dissipline te ontwikkel.

Alle sanksies is in ooreenstemming met:

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (soos gewysig deur die BELA-wet, 32 van 2024)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)

5.1.2 <u>Voorbeelde</u> sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- Om nie betyds in die klaskamer te wees nie;
- Om ‘n klaskamer sonder toestemming te verlaat;
- Om nie huiswerk te voltooi nie;
- Om nie voorgeskrewe handboeke of leermateriaal saam te bring nie;
- Leerder is ongeskeer;
- Voorkoms nie in ooreenstemming met skoolreëls nie;
- Wangedrag of ontwrigting van klasse;
- Vloek of die gebruik van onvanpaste taal;
- Gebruik van 'n selfoon in die klaskamer sonder toestemming;
- Eet, drink of kougom kou in die klaskamer, die skoolsaal of die biblioteek;
- Wangedrag tydens ‘n saalbyeenkoms (insluitend om te gesels of 'n selfoon te gebruik).

5.1.3 <u>Sanksies</u> vir Vlak 1-oortredings:

Eerste Groepering van Vier Oortredings per Kwartaal

- ‘n “Groepering” verwys na enige kombinasie van vier (4x) Vlak 1-oortredings deur die loop van ‘n kwartaal by die Sekondêre Skool of enige kombinasie soos pertinent aangedui op óf die akademiese óf die gedrags-strafkennisgewings wat relevant is vir die Primêre Skool.
- Die sanksie is detensie onder toesig van 'n aangewese onderwyser. Die volgende tydgleuwe vir detensie is van toepassing, onderskeidelik op die Primêre en Sekondêre Skole:
  - Primêre Skool - Vrydae van 14:00 – 16:00 en Saterdae van 08:00 – 10:00
  - Sekondêre Skool - Maandag tot Donderdag, 14:00 - 17:00
- Detensie moet konstruktief gebruik word (bv. akademiese werk onder toesig, skoolverbeteringstake, en/of voltooiing van die Gedragskode se geskrewe program).
- Sodra die eerste groepering bereik is, word enige verdere Vlak 1-oortreding in daardie kwartaal outomaties na 'n Vlak 2-oortreding opgegradeer.

Versuim om Detensie by te woon

- As 'n leerder nie detensie sonder 'n geldige verskoning bywoon nie, kan 'n interne skorsing by die Sekondêre Skool opgelê word, terwyl 'n verdere detensie kennisgewing outomaties by die Primêre Skool uitgereik sal word.
- Tydens ‘n interne skorsing mag die leerder nie aan enige nie-akademiese skoolaktiwiteite (bv. sport- of kulturele geleenthede) deelneem vir 'n tydperk wat bepaal word deur die Skoolhoof of aangewese onderwyser.
- In geval van versuiming om ‘n interne skorsingsinstruksies na te kom, sal die aangeleentheid tot 'n Vlak 3-oortreding eskaleer.

Selfoonbeleid

- Leerders mag nie selfone tydens lesse sonder toestemming van 'n onderwyser gebruik nie.
- Indien 'n leerder 'n selfoon sonder toestemming gebruik, kan die foon onmiddellik gekonfiskeer word, in 'n koevert verseël word, en veilig in die skoolkluis vir die res van die kwartaal gestoor word.
- 'n Geskrewe kwitansie sal uitgereik word.
- Versuiming om die toestel te oorhandig wanneer dit versoek word, sal as 'n Vlak 2-oortreding (gebrek aan respek/onbeskofheid) beskou word.

Skoolwerk en Huiswerkreëls

- 'n Ordelike klaskameratmosfeer moet altyd gehandhaaf word.
- Leerders mag onderrig nie ontwrig of verhoed nie.
- Instruksies van onderwysers moet vinnig en respekvol uitgevoer word.
- Alle leerders moet 'n huiswerkboek hê en onderhou soos vereis.
- Alle huiswerk moet noukeurig voltooi en op die sperdatum ingedien word.
- Versuim om daaraan te voldoen word slegs verskoon indien die leerder 'n geskrewe nota van 'n Ouer/Voog met 'n aanvaarbare rede voorsien.
- Leerders is verplig om alle onvoltooide werk so gou moontlik in te haal.

Rekordhouding

- Alle Vlak 1-oortredings moet deur die betrokke onderwyser op die skool se dissiplinêre stelsel aangeteken word.
- Rekords moet gemonitor word om te verseker dat eskalasiereëls (groepering → Vlak 2) konsekwent toegepas word.

Beginsels van Dissipline

- Sanksies moet regverdig, regstellend en opvoedkundig wees eerder as net straf.
- Leerders moet altyd met waardigheid en respek behandel word.
- Lyfstraf en enige vorm van verkleinerende gedrag word streng deur die wet verbied.
- Ouers/Voogde sal betrek word wanneer herhaalde wangedrag plaasvind.

5.2. VLAK 2 – INTERMEDIÊRE/ERNSTIGE OORTREDINGS

5.2.1. Vlak 2-oortredings is herhaalde geringe oortredings of ernstiger wangedrag wat gebrek aan respek toon, leer ontwrig of skoolgesag ondermyn.

5.2.2. Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- Herhaling van Vlak 1-oortredings buite die eerste groepering;
- Verset of weiering om 'n redelike opdrag van 'n onderwyser uit te voer;
- Disrespekvolle of onbeskofte gedrag teenoor opvoeders, personeel, skoolleiers of prefekte wat gemik is op, of geïnterpreteer as, gesag uitdaag;
- Versuim om 'n selfoon te oorhandig wanneer so versoek word;
- Stokkiesdraai (klas of skool sonder toestemming te mis);
- Vandalisme of skade aan skooleiendom (klein of eerste oortreding);
- Oneerlikheid (*bv*. lieg vir onderwysers of personeel, misbruik van toestemmingsbriefies);
- Gebruik van aanstootlike of diskriminerende taal;
- Boelie, intimidasie of teistering (nie-gewelddadig, verbaal of sosiaal); of
- Besit van verbode middels (*bv.* vuurhoutjies, vuurwerke, onvanpaste materiaal).

5.2.3. Sanksies vir Vlak 2-oortredings:

- 2 x Saterdag-detensie (of verlengde detensie na goeddunke van die Skool);
- Verwydering uit die klaskamer en verwysing na die Graadhoof, Adjunkhoof of Skoolhoof, wat die saak na die Dissiplinêre Komitee kan verwys vir 'n dissiplinêre verhoor. Ouers/Voogde sal skriftelik van die verhoor in kennis gestel word, minstens vyf (5) werksdae voor die verhoordatum;
- Formele geskrewe waarskuwing uitgereik, aangeteken en op rekord gehou;
- Interne skorsing (uitsluiting van sport-, kulturele of nie-akademiese aktiwiteite vir 'n vasgestelde tydperk);
- Herstel- of regstellende maatreëls (bv. herstel van skade, geskrewe verskoning, gemeenskapsdiens binne die skool, verwysing na die SLO-dienste by die skool); of
- Progressiewe dissiplinêre optrede na Vlak 3 as wangedrag voortduur of as interne skorsingsreëls geïgnoreer word.

5.2.4 Prosedurele Waarborge:

- Leerder word ingelig oor die aanklag of beskuldiging teen hom en kry die geleentheid om homself te verduidelik.
- Skriftelike kennisgewing van sanksie word aan Ouers/Voogde uitgereik.
- Alle Vlak 2-sanksies word in die dissiplinêre stelsel aangeteken.

5.3. VLAK 3 – BAIE ERNSTIGE WANGEDRAG

(Nultoleransie-oortredings wat tot skorsing kan lei)

5.3.1. Vlak 3-oortredings is ernstige dissiplinêre oortredings wat die veiligheid van ander in gevaar stel, behels oneerlikheid van 'n ernstige aard, of om openlike minagting vir skoolgesag te toon. Hierdie oortredings kan lei tot 'n sanksie van skorsing, verwysing na die Dissiplinêre Komitee, of 'n aanbeveling vir skorsing ooreenkomstig Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet en verder onderhewig aan die bepalings wat daarop betrekking het soos beoog in **Provinsiale Kennisgewing Nr. 156 van 2001 – Regulasies rakende die dissipline van leerders by openbare skole.**

5.3.2 Voorbeelde sluit in maar is nie beperk nie tot:

- Herhaling van Vlak 2-oortredings na formele verhore;
- Minagting of ongehoorsaamheid teenoor opvoeders en/of personeel;
- Gevegte, fisiese aanranding, of dreigemente van geweld;
- Ernstige boelie, intimidasie, teistering of kuberafknouery;
- Diefstal, bedrog, of besit van gesteelde eiendom;
- Besit, gebruik of verspreiding van alkohol, dwelms of ander verbode middels by die skool of tydens skoolgeleenthede;
- Besit van gevaarlike wapens (bv. messe, vuurwapens, plofstof);
- Kwaadwillige beskadiging van eiendom;
- Bedrog, plagiaat of wangedrag tydens eksamens of assesserings; of
- Om die skool se naam te beswadder of diskrediteer, hetsy op kampus of deur aanlyn/sosiale media-aktiwiteite.

5.3.3 Prosedures vir Vlak 3-oortredings:

Onmiddellike Verslaggewing

- Alle Vlak 3-oortredings moet onmiddellik aan die relevante Graadhoof by die Sekondêre Skool en aan die Adjunkhoof by die Primêre Skool rapporteer word.
- Die Graadhoof en Adjunkhoof neem onderskeidelik die saak op en verwys dit sonder verwyl na die Dissiplinêre Komitee.

Dissiplinêre Komitee Hersiening

- Die Dissiplinêre Komitee evalueer die erns van die oortreding.
- Afhangende van die erns van die oortreding, op grond van meriete, besluit die Komitee om:
  - 'n interne dissiplinêre verhoor te hou; of
  - Die saak direk na 'n formele dissiplinêre verhoor te verwys, onder voorsitterskap van 'n onafhanklike regsverteenwoordiger.

Kennisgewing aan Ouer

- Ouers/Voogde moet ten minste 5 (vyf) skooldae vooruit skriftelik van die verhoor in kennis gestel word.

Die Kennisgewing moet die volgende uiteensit:

- Die beweerde oortreding of wangedrag;
- Die datum, tyd en plek van die verhoor;
- Die leerder se reg om bewyse te lewer en getuies te roep; en

- Moontlike sanksies, indien die leerder skuldig bevind word.

Verhoorproses

- Verhore moet regverdig, onpartydig en behoorlik opgeneem word;
- Leerders het die reg om hul saak te stel en met waardigheid deur die hele proses behandel te word; en
- Beslissings is gebaseer op die bewyse wat aangebied word.

Progressiewe Dissiplinêre Maatreëls en Sanksies

- Die Dissiplinêre Komitee kan sanksies oplê soos skorsing, finale geskrewe waarskuwings, of uitsluiting van aktiwiteite.
- In ernstige of herhaalde gevalle kan die Komitee skorsing aanbeveel, wat slegs deur die Provinsiale Onderwysdepartement bekragtig kan word.

Rekordhouding

- Die Graadhoof hou 'n omvattende lêer van alle Vlak 3-oortredings, verhoornotules en uitkomste.
- Kopieë word gedeel met die leerder se register-onderwyser en in die skool se amptelike dissiplinêre rekords ingedien.

5.4. SKORSING- EN/OF UITSETTINGSPROSEDURES

Skoolhoof-Ouer/Voog Konsultasie

- Waar die Dissiplinêre Komitee 'n leerder skuldig bevind aan ernstige wangedrag en skorsing as 'n sanksie aanbeveel, sal die Skoolhoof die Ouers/Voogde dienooreenkomstig in kennis stel.
- Die Skoolhoof kan 'n formele vergadering met die Ouers/Voogde belê om die uitkoms van die dissiplinêre verhoor, die leerder se gedrag, en of Grey Kollege steeds 'n geskikte opvoedkundige omgewing vir die leerder is, te bespreek
- Tydens hierdie konsultasie kan die Hoof die statutêre proses rakende skorsing ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet verduidelik, insluitend die rol van die Skoolbestuursliggaam (SGB) en die Hoof van die Departement (HOD) van die Vrystaat Departement van Onderwys.
- Die Skoolhoof kan Ouers/Voogde ook daarvan in kennis stel dat hulle, indien hulle dit verkies, aansoek kan doen vir die vrywillige onttrekking van die leerder uit die skool, eerder as dat die skorsingsproses voortgesit word.

Vrywillige Onttrekking

- Indien die Ouers/Voogde verkies om 'n leerder vrywillig te onttrek, moet sodanige onttrekking skriftelik aan die Skoolhoof bevestig word.
- Na ontvangs van die skriftelike bevestiging moet die Skoolhoof die onttrekking van die leerder skriftelik bevestig en erken.
- Die skool sal, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, Ouers/Voogde bystaan om die leerder se oorplasing na 'n ander geskikte skool te fasiliteer.
- 'n Vrywillige onttrekking beëindig die skorsingsproses.

Voortsetting van die Skorsingsproses.

Indien die Ouers/Voogde kies om nie 'n leerder vrywillig te onttrek nie, sal die skorsingsproses voortgaan onderhewig aan die riglyne wat hiermee verband hou soos voorsien in SASA en toepaslike provinsiale wetgewing.

- Die Skoolbeheerliggaam moet die bevindings en aanbevelings van die Dissiplinêre Komitee oorweeg en, indien dit die aanbeveling vir skorsing onderskryf, sodanige skorsing formeel by die Hoof van die Departement aanbeveel.
- Alle dissiplinêre verrigtinge sal in ooreenstemming met die beginsels van prosedurele billikheid, deursigtigheid en natuurlike geregtigheid gevoer word.

Personeelteenwoordigheid en Rekordhouding

In alle vergaderings tussen die Skoolhoof en Ouers/Voogde rakende 'n moontlike skorsing, moet ten minste een addisionele lid van die Dissiplinêre Komitee teenwoordig wees.

- Geskrewe notules van sulke vergaderings sal geneem en bewaar word as deel van die amptelike dissiplinêre rekord.

Implimentering van Skorsing

- Slegs die Hoof van die Departement van die Vrystaatse Departement van Onderwys het die gesag om 'n leerder uit 'n openbare skool te skors.
- Indien die Departementshoof die skorsing bevestig, word die Ouers/Voogde formeel skriftelik in kennis gestel.
- Die leerder moet op die datum wat deur die Departementshoof gespesifiseer is, uit die skool verwyder word.
- Die skool is verplig om enige riglyne wat deur die Hoof van die Departement uitgereik mag word rakende tussentydse reëlings en die plasing van die leerder by 'n ander openbare skool, soos deur die wet vereis, na te kom.
- Verwys na protokol rakende die hou van dissiplinêre verhore, skorsing en uitsetting, voorwaardes van skorsing, prosedures na 'n verhoor, verwysings na die Hoof van Onderwys en prosedures vir appèl teen skorsing soos voorsien in **Provinsiale Kennisgewing Nr. 156 van 2001 – Regulasies rakende die dissipline van leerders by openbare skole.**

5.5. DISSIPLINÊRE OORTREDINGS EN AANBEVOLE SANKSIES

<table>
<tr><td rowspan="2"></td><td rowspan="2">Tipe of aard van oortreding/wangedrag</td><td colspan="3">Riglyn: Aanbevole strafmaatreël</td></tr>
<tr><td>Eerste oortreding</td><td>Tweede oortreding</td><td>Volgende/herhaalde oortreding</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="4">Vlak 1: MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS</td></tr>
<tr><td rowspan="3">1</td><td>Versuim om reëls, instruksies of voorskrifte van enige gesagsfiguur na te kom.</td><td rowspan="3">Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie</td><td rowspan="3">Finale waarskuwing/ Kontak ouers</td><td rowspan="3">Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting</td></tr>
<tr><td>Onbeskofte of oneerbiedige optrede teenoor Grey-gesagsfigure, volwassenes of eweknieë.</td></tr>
<tr><td>Onverdraagsaamheid of diskriminerende gedrag teenoor ander op grond van hul godsdiens, persoonlike oortuigings, kulturele gebruike, voorkoms of diversiteit.</td></tr>
</table>

	Herhaalde oortreding van Grey se reëls, ondanks vorige waarskuwings of minder ernstige dissiplinêre maatreëls.			
2	Die gebruik van matelose geweld of aggressie tydens speletjies, wedstryde of sportbyeenkomste. Deelname aan speletjies of aktiwiteite in areas waar persone beseer of eiendom beskadig kan word. Die ry van skaatsplanke, fietse, motorfietse of ander voertuie in verbode gebiede, of op 'n wyse wat die veiligheid van ander in gevaar stel of skade aan eiendom kan veroorsaak.	Berading en berisping, of waarskuwing	Finale waarskuwing	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
	Luidrugtige of ontwrigtende gedrag wat die aktiwiteite van ander versteur.			
3	Ernstige ontwrigtende, onordelike of onbehoorlike gedrag in die klaskamer. Betreding van Grey se terrein sonder toestemming, sonder behoorlike toesig of buite skoolure. Weiering om op versoek van 'n Grey-gesagsfiguur jouself te identifiseer.	Berading en berisping, of waarskuwing	Finale waarskuwing	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
4	Vloek en die gebruik van vulgêre-, neerhalende- of diskriminerende taal.	Berading en berisping, of waarskuwing	Finale waarskuwing	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
5	Laatkoms, rommelstrooiing en die versuim om behoorlike netheid en orde te handhaaf. Swak persoonlike versorging, onhigiëniese gewoontes, of onbehoorlike gebruik van Grey Kollege se fasiliteite en geriewe. Hare, kleredrag of voorkoms wat nie aan Grey Kollege se standaarde of reëls voldoen nie.	Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie	Laaste waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting

	Eet of drink tydens klasse, of tydens Grey College-aktiwiteite of -geleenthede waar dit nie toegelaat word nie.			
6	Om met ander se besittings of toerusting te peuter. Gebruik van Grey Kollege-toerusting sonder toestemming (sonder ernstige gevolge).	Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie	Laaste waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
7	Weiering of versuim om huiswerk of opdragte te voltooi. Versuim of weiering om amptelike dokumente, verslae, terugvoerstrokies of korrespondensie aan ouers te lewer of betyds aan Grey Kollege terug te besorg. Weiering om, sonder geldige of aanvaarbare rede, verpligte Grey Kollege-aktiwiteite of -geleenthede by te woon of daaraan deel te neem. Algemene onwilligheid om saam te werk en/of doelbewuste belemmering van aktiwiteite, prosesse of die uitvoering van pligte. Onvoldoende toewyding aan akademiese werk, skoolwerk of opdragte.	Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie	Laaste waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
8	Stokkiesdraai, laatkoms en die versuim om stiptelikheid te handhaaf. Afwesigheid van klasse, verpligte geleenthede of aktiwiteite sonder 'n geldige rede. Verlaat die klaskamer of Grey Kollege- terrein sonder toestemming. Herhaalde laatkoms of die voortydige en ongeoorloofde verlating van klasse, aktiwiteite of die Grey Kollege-terrein.	Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie	Laaste waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting

9	Volgehoue misbruik of ongemagtigde gebruik van persoonlike elektroniese toestelle tydens klasse, byeenkomste of ander Grey Kollege-aktiwiteite.	Berading en teregwysing of waarskuwing/ strafpunte/ detensie	Laaste waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting
	Vlak 2: ERNSTIGE OORTREDINGS			
	(Alle oortredings is onderhewig aan minstens twee detensie sessies)			
		Eerste oortreding	**Tweede oortreding**	**Volgende/herhaalde oortreding**
10	Deelname aan kru en/of onwelvoeglike beledigende, vernederende of andersins onvanpaste speletjies of aktiwiteite.	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
	Kwaadwillige bespotting of vernedering van ander.			
	Verset, uitdagende gedrag of gebrek aan respek teenoor personeellede, ouers/voogde, besoekers of mede-leerders.	Formele skriftelike waarskuwing, verpligte na-skoolse detensie, herstel van beskadigde eiendom en vergadering met ouers		
	Stokkiesdraai, geringe vandalisme, of oneerlikheid tydens interne toetse.			
11	Onvanpaste gedrag of uitlatings wat Grey Kollege se reputasie skaad of die skool in diskrediet bring, insluitend op sosiale media platforms.	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
	Misbruik van skoolvoorregte of senioriteit/status, misbruik van gesagsposisie.			
	Die gebruik van rassistiese, seksistiese of enige ander diskriminerende opmerkings, taal of gedrag is streng verbode.			
12	Die rook of die besit van tabakprodukte, e-sigarette, *vapes* of sigarette op Grey Kollege se terrein of tydens enige Grey Kollege-	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	

	aktiwiteit of -geleentheid is streng verbode.			
13	Oneerlikheid en onregverdige gedrag (met minder ernstige aanvanklike gevolge).	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
14	Die opsetlike beskadiging, vandalisering of verkeerde gebruik van eiendom of toerusting, of die versuim om dit met die nodige sorg te hanteer. Toevallige skade aan eiendom deur nalatigheid.	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
15	Enige optrede of gedrag wat daarop gemik is om 'n vyandige, intimiderende of bedreigende omgewing te skep, of wat redelikerwys as sodanig beskou kan word. Opsetlike ontwrigting van Grey Kollege-aktiwiteite, of onbehoorlike inmenging met die uitvoering van Grey Kollege-gesagfigure se pligte. Gedrag wat die goeie orde of dissipline van Grey Kollege benadeel of kan benadeel.	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
16	Enige wangedrag deur 'n leerder wat na die oordeel van Grey Kollege se gesagsfigure ernstiger dissiplinêre optrede as berading, 'n mondelinge teregwysing of 'n gewone waarskuwing regverdig.	Berading en finale waarskuwing/ Kontak ouers	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting	
	Vlak 3: BAIE ERNSTIGE WANGEDRAG			
	(Nultoleransie-oortredings wat tot skorsing kan lei)			
		First offence	**Second Offence**	**Subsequent/Repeated offence**
17	Gewelddadige, beledigende of dreigende gedrag (mondelings, skriftelik of fisies). Bakleiery, aanranding of die dreigement van aanranding.			

	Viktimisasie, boeliegedrag, afknouery of enige vorm van ontgroening.	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
	Die oordrag, gebruik of besit van 'n gevaarlike wapen, vuurwerke, plofstof of enige voorwerp wat as potensieel gevaarlik beskou kan word op Grey Kollege se terrein of tydens Grey Kollege-aktiwiteite.			
	Die intimidasie van, of opsetlike inmenging met, ander persone, hetsy gepoog of werklik.			
	Die aanhitsing, aanmoediging, beïnvloeding of beloning van ander om gewelddadige, rassistiese, aanstootlike of dreigende dade te pleeg.			
	Enige bendeverwante aktiwiteit wat die veiligheid of welsyn van ander kan bedreig op Grey Kollege se terrein, tydens Grey Kollege-aktiwiteite of in enige verband met Grey Kollege.			
	Enige vorm van teistering, diskriminasie of viktimisasie op grond van ras, kultuur, godsdiens of enige ander ontoelaatbare gronde.			
	Die maak van 'n bomdreigement of brandstigting, hetsy gepoog of werklik.			
	Enige gedrag wat 'n gevaar vir die veiligheid, welsyn of welstand van ander kan inhou op Grey Kollege se terrein, tydens Grey Kollege-aktiwiteite of in enige verband met Grey Kollege.			

18	Die besit, gebruik, verspreiding, berging of gebruik van alkoholiese drank, psigedeliese middels middels of enige gevaarlike of verbode stof, of die verskyning onder die invloed daarvan, op Grey Kollege se terrein of tydens Grey Kollege-aktiwiteite. Bewyse van, of 'n redelike vermoede van, die gereelde gebruik, misbruik of afhanklikheid van alkohol, medikasie of dwelmmiddels op Grey Kollege se terrein of tydens Grey Kollege-aktiwiteite.	Berading of skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
19	Die besit van iemand anders se eiendom sonder sy of haar medewete of toestemming, of die poging om sodanige eiendom sonder toestemming of medewete te verwyder. Diefstal of poging tot diefstal. Die verkoop van eiendom wat aan 'n ander persoon behoort sonder die eienaar se toestemming.	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
20	Ernstige oneerlikheid of bedrog, hetsy werklik gepleeg of met die bedoeling om dit te pleeg. Oneerlike optrede, afskryf, plagiaat pleeg of die manipulering van toets- of eksamenuitslae, verslae, take of enige ander assesseringsdokumente. Die besit, verkryging, verspreiding of gebruik van materiaal of inligting wat 'n onregverdige voordeel in 'n toets, eksamen of assessering kan verskaf. Afpersing, omkopery, korrupsie of bedrog, hetsy gepoog of werklik gepleeg.	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		

	Medepligtigheid aan, samespanning met, ondersteuning van, aanhitsing tot of hulpverlening met betrekking tot oneerlikheid, bedrog of diefstal.			
	Die aanhitsing, aanmoediging, beïnvloeding of beloning van ander om oneerlik op te tree, te kul of bedrog te pleeg.			
	Ernstige oortreding van Grey Kollege se veiligheids- of sekuriteitsmaatreëls, of die onredelike weiering om aan 'n wettige en redelike deursoeking onderwerp te word.			
	Kriminele wangedrag buite Grey Kollege wat die verhouding tussen die leerder en Grey Kollege, of die opvoedkundige proses, ernstig ontwrig of benadeel.			
21	Onwelvoeglike, onbetaamlike of seksueel suggestiewe gedrag, gebare of opmerkings, asook pogings tot ongewenste fisiese kontak.	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
	Opsetlike en aanstootlike, neerhalende, beledigende, kwetsende, rassistiese of onwelvoeglike gedrag.			
	Die besit, berging, vervaardiging, vertoon of verspreiding van pornografiese, onwelvoeglike of aanstootlike materiaal, publikasies, simbole, elektroniese boodskappe, bv. e-pos, teks/SMS/MMS, spotprente of voorwerpe.			
22	Sabotasie, vandalisering of die kwaadwillige of opsetlike beskadiging van Grey Kollege se eiendom of die eiendom van ander.	Skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		

	Die ongemagtigde besetting van enige Grey Kollege-eiendom of -fasiliteit, of enige optrede wat ander persone die gebruik daarvan ontneem of belemmer. Die verhindering van, of poging om te verhinder, dat ander persone wettiglik en vreedsaam op Grey Kollege se terrein vergader. Die versperring van enige ingang tot of uitgang vanaf Grey Kollege se terrein met die doel of gevolg om ander persone se vrye toegang tot of uitgang vanaf die terrein te belemmer.			
	Leerders word uitgesluit om deel te neem aan of protesaksie te begin, tensy hulle alle beskikbare moontlikhede uitgeput het om hul bekommernis aan te spreek en die nodige toestemming van die Skoolhoof of Uitvoerende Komitee ontvang het. Waar die Skoolhoof of Uitvoerende Komitee weier om sodanige toestemming te verleen, kan die Leerder of Leerders die Raad vir sodanige toestemming nader.			
23	Enige optrede wat ander persone aan ernstige gevaar of besering blootstel, of wat Grey Kollege aan moontlike verlies of skade blootstel, hetsy as gevolg van opsetlike of nalatige gedrag.	Berading of skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
	Onveilige optrede of gedrag wat die veiligheid, welstand of welsyn van ander in gevaar stel.			

24	Ernstige wangedrag of optrede wat die reputasie van Grey Kollege, Leerders, of ander belanghebbendes in diskrediet kan bring.	Berading of skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		
25	Enige ander wangedrag wat as baie ernstig beskou word en moontlik skorsing as 'n eerste oortreding regverdig. Die vervalsing, verandering of onregmatige voorstelling van enige Grey Kollege-dokument, rekord of verslag.	Berading of skorsing en verhoor gevolg deur skorsing of uitsetting		

ADDENDUM: Verwys na Departement van Basiese Opvoeding (BPERD Beleidsdokument).

5.6. Notas en Prosedurele Waarborge

- **Billikheid en Behoorlike Proses:** Alle dissiplinêre verhore moet voldoen aan die beginsels van natuurlike geregtigheid. Leerders moet volledig van die bewerings teen hulle ingelig word, 'n redelike geleentheid gegun word om daarop te reageer, en die reg hê om getuies te roep en/of getuienis voor te lê.
- **Betrokkenheid van Ouers:** Ouers/Voogde moet skriftelik in kennis gestel word van alle Vlak 2- en Vlak 3-aangeleenthede. Minstens 5 (vyf) skooldae se kennisgewing moet voor die verhoor gegee word.
- **Rekordhouding:** Alle oortredings, dissiplinêre maatreëls en uitkomste moet op die skool se administratiewe stelsel aangeteken word. Skriftelike rekords moet deur die Graadhoof bewaar word en met die leerder se registeronderwyser gedeel word.
- **Verbod op Lyfstraf:** In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet is lyfstraf, sowel as enige vorm van vernederende, degraderende of onmenswaardige behandeling, streng verbode.
- **Proporsionele Dissiplinêre Maatreëls:** Dissiplinêre optrede moet in die eerste plek korrektief en opvoedkundig van aard wees, eerder as strafgerig. Die maatreël moet in verhouding staan tot die aard en erns van die oortreding.
- **Reg op Appèl:** Leerders en hul Ouers/Voogde het die reg om teen dissiplinêre besluite na die Skoolbeheerliggaam te appelleer en, waar van toepassing, na die Provinsiale Onderwysdepartement.
- **Toepassing op die Koshuis:** Die Grey-koshuis funksioneer ingevolge 'n afsonderlike Gedragskode. Ernstige oortredings wat in die koshuis gepleeg word, kan egter, waar toepaslik, ook ingevolge hierdie Gedragskode hanteer word.

Hierdie is nie 'n volledige lys van oortredings nie. 'n Leerder kan hom aan wangedrag skuldig maak in enige omstandighede waar hy hom op 'n onbehoorlike wyse gedra of op 'n wyse optree wat onbetaamlik is vir 'n leerder van Grey Kollege. Sodanige gedrag sluit enige handeling, versuim of nalatigheid in wat die goeie orde, doeltreffende bestuur, beheer en dissipline van die skool ondermyn of kan ondermyn.

Ouers/Voogde word versoek en aangemoedig om die skool te ondersteun in die handhawing van hierdie dissiplinêre stelsel. Dit is van uiterste belang dat Ouers/Voogde met die skool saamwerk om leerders se gedrag positief te beïnvloed en enige uitdagings of probleme wat Grey-leerders mag ervaar, doeltreffend aan te spreek.

Erkenning van die Gedragskode

Ek, die ondergetekende Leerder van Grey Kollege, bevestig dat ek die bepalings van die **Grey Kollege Gedragskode gelees en verstaan het**. Ek aanvaar my verantwoordelikhede as 'n leerder van hierdie instelling en verbind my daartoe om die reëls, waardes en standaarde wat in die Kode uiteengesit is, te respekteer en te handhaaf.

Ek erken verder dat enige oortreding van hierdie reëls kan lei tot dissiplinêre maatreëls soos uiteengesit in die Gedragskode.

Naam van Leerder: _____
(Volle name in drukskrif)

Leerder se Handtekening: _____

Datum: ____ / ____ / 20____

As Ouer/Voog bevestig ek dat ek myself vergewis het van die inhoud van die Grey Kollege Gedragskode en dat ek die skool ondersteun in die handhawing van die standaarde, waardes en verwagtinge soos daarin uiteengesit. Ek erken en aanvaar my verantwoordelikheid om my seun te ondersteun en te lei om aan hierdie standaarde en verwagtinge te voldoen.

Naam van Ouer/Voog: _____
(Volle name in drukskrif)

Ouer/Voog van: _____
(Volle naam van leerder in drukskrif)

Ouer/Voog Handtekening: _____

Datum: ____ / ____ / 20____